

2. Aanbevelings

Daar word op die volgende wyse aan die Beskrywingspunt gevolg gegee:

- 1.2 Aan die te benoeme Deputate vir Liturgiese Sake word opgedra om 'n studie te doen oor die volgende sake:
 - 1.2.1 Riglyne saam te stel vir die voorganger in die eredienste wat in lyn is met die besluite van 1985 en 1997 tov van die liturgie, met inagnome van vorige besluite tov leesdienste.
 - 1.2.2 Om die Sinode te adviseer oor die volgende sake: afdid van die seën aan die begin van die erediens, bevestiging van diensknegte, hantering van aflegging van Geloofsbelydenis, gebruik van oudiovisuele hulpmiddels, ens.

Besluit: Goedgekeur.

22. Media / Publikasies

22.1 RAPPORT DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE : DIE KERKBLAD (Artt 73, 175, 236)

- A. Ds NW Ligthelm stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Media en Publikasies. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Ds IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie Media en Publikasies.
- D. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. RAPPORT

1. Publikasie

- 1.1 Sinode 2003 het opdrag gegee dat die moontlikheid ondersoek word “dat *Die Kerkblad* ’n maandblad word” (Acta 2003:680). Na deeglike oorweging is in oorleg met die Deputate vir Kerklike Tydskrifte besluit dat *Die Kerkblad* inderdaad as maandblad sal verskyn. As redes is onder andere oorweeg dat dit ’n besparing in versendingskoste kan meebring, die administrasiedruk aansienlik kan verminder en ’n blad ter hand stel wat meteen veel leesstof bevat. Die aantal bladsye in die maandblad het ongeveer dieselfde gebly as wat die geval was met die tweeweeklikse uitgawes. Sedert Maart 2003 het *Die Kerkblad* gereeld as maandblad verskyn.
- 1.2 Uitgawes is twee tot drie maande vooruit beplan deur subkommissies wat uit die redaksie saamgestel is.
- 1.3 Die Redakteur het met ’n nuwe rubriek, *Die redakteur gesels met ...*, begin wat algemeen byval gevind het.
- 1.4 Op die laaste bladsy van *Die Kerkblad* is ’n nuwe rubriek, *Laastens*, begin wat artikels bevat waarvan die inhoud in “ligter trant” geskryf is.
- 1.5 Ten einde die Teologiese Skool groter bekendheid – en dus sterker meelewing – by lidmate te laat ontwikkel is die teologiese professore reëlmatig versoek om oor ontwikkelings by die Skool, in die teologie of oor ander temas te skryf.
- 1.6 Die bladuitleg word deur me Johanna Fourie gedoen. Waardevolle wenke en advies is in hierdie verband ook van me Willy van Heyningen ontvang.
- 1.7 Meeste uitgawes het op een of ander (aktuele) tema gefokus, hoewel artikels van uiteenlopende aard ook telkens opgeneem is. Gelukkig was daar altyd voldoende artikels beskikbaar en moes sommige selfs vir ’n korter of langer periode oorstaan.
- 1.8 Na die vertrek van dr SJ van der Walt is die Deputate Jeugsorg versoek om die onderdeel *Ons Bondsjeug* te behartig. Dit het egter ’n invloed gehad op die reëlmatige verskyning van hierdie deel. Daar sal indringend besin moet word oor hoe hierdie baie belangrike aspek voortaan hanteer behoort te word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Redaksie

- 2.1 Die Redakteur het in oorleg met die Deputate vir Kerklike Tydskrifte die nuwe redaksie saamgestel. Die volle redaksie het uiteindelik uit nege lede bestaan en die name het gereeld in elke *Die Kerkblad* verskyn. Een lid, ds SC Vorster, het

- ons deur die dood ontval.
- 2.2 Die redaksie het 'n kernredaksie en breë redaksie saamgestel wat elkeen tweemaandeliks vergader het, sodat elke maand 'n vergadering plaasgevind het. Alle artikels en briewe is elke maand aan alle redaksielede vir kommentaar en insette per e-pos versend.
 - 2.3 In enkele moeilike gevalle het die breë redaksie die advies van die Dagbestuur van die Deputate Kerklike Tydskrifte gevra ten einde uitsluitel te verkry.
 - 2.4 Tydens elke vergadering is elke artikel en elke brief sorgvuldig oorweeg met die oog op publikasie.
 - 2.5 Daar was 'n gesindheid van hartlike samewerking by die redaksielede, ook wanneer moeilike besluite geneem moes word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Beleid

- 3.1 *Die Kerkblad* is 'n kerklike tydskrif wat in diens staan van die kerk en die koninkryk van God en wat veral aan lidmate van die GKSA inligting, voorligting en geloofstoerusting verskaf. Die blad het hom ondubbelsinnig binne die raamwerk van die Gereformeerde Belydenis geposisioneer en byvoorbeeld duidelik standpunt ingeneem teen standpunte van die Nuwe Reformasie.
- 3.2 Die redaksie het te doen gekry met meningsverskille in die GKSA van 'n aard en omvang wat seker nog nooit voorheen ondervind is nie. Die redaksie het sover moontlik daarna gestreef om hierdie verskille so sensitief en billik as moontlik te hanteer. In gevalle waar ons nie (ten volle) daarin geslaag het nie vra ons beleefd om verskoning.
- 3.3 Die redaksie het so veel as moontlik ruimte geskep vir debat en openhartige diskussie. Die debat is slegs beëindig wanneer geen nuwe argumente meer genoem is nie of wanneer die diskussie nie meer 'n opbouende karakter aangeneem het nie.
- 3.4 Skrywers van artikels is versoek om artikels te skryf wat nie langer 1 500 woorde is nie – briewe 500 woorde – hoewel enkele uitsonderings gemaak is wanneer daar duidelike meriete daarvoor aangetoon kon word. Omdat vervolgartikels vir lesers dikwels vermoeiend is, is dit tot 'n minimum beperk en slegs wanneer dit duidelike meriete gehad het.
- 3.5 Wanneer briewe ontvang is wat duidelik nie op die tafel van *Die Kerkblad* tuishoort nie, is skrywers vriendelik versoek dat hulle eerder die “kerklike weg” moet volg en hulle saak by 'n kerkvergadering aanhangig moet maak.
- 3.6 Die redaksie het altyd oopgestaan vir welmenende en opbouende kritiek.

Besluit: Kennis geneem.

4. Administrasie

- 4.1 Die administratiewe kantoor van *Die Kerkblad* vorm deel van die Administratiewe Buro in Potchefstroom en word deur me Johanna Fourie “beman”. Die Redakteur het vanuit sy woning in Pretoria gewerk.
- 4.2 *Die Kerkblad* is aanvanklik deur V&R Drukkers gedruk, maar sedert Julie 2004 is dit na die drukker Business Print Centre in Pretoria verskuif. Oor die algemeen is daar groot waardering vir die werk van die drukkers.
- 4.3 Sommige gemeentes plaas hulle totale bestelling direk by die drukker; in die meeste gevalle word die blad vanuit Pretoria direk na individuele intekenare gestuur. Sommige gemeentes het reëlings getref om hulle tydskrifte elke maand by die Administratiewe Buro af te haal.

4.4 *Die Kerkblad* is elektronies beskikbaar op die webwerf www.gksa.org.za

Besluit: Kennis geneem.

5. Finansies

5.1 Die redaksie is dankbaar om te meld dat ons hierdie keer met 'n kleiner tekort as die vorige keer kan afsluit, naamlik ongeveer R57 000. Vergelyk in hierdie verband die finansiële state.

5.2 Die redaksie het die aandag van die Administratiewe Buro gevestig op 'n Sinodebesluit 2003 (:358) wat lui: "... die verskillende publikasies moet mekaar onderling subsidieer." Dit sal vir die nuwe redaksie baie bemoedigend wees om met 'n skoon saldo te kan begin. (Die Buro sal hieroor afsonderlik rapporteer.)

5.3 Die intekenaretaal staan tans op 5 359, 'n gegewe wat die inkomste uit intekengeld direk raak. Die relatief lae intekenaretaal is vir die redaksie 'n bron van kommer en daar word aanbeveel dat die Sinode indringend hieraan tyd bestee. Elke Kerkraad kan byvoorbeeld oorweeg om 'n kolporteur in 'n gemeente aan te wys wat dan in die gemeente intekenare kan werf.

5.4 Die jaarlikse inkomste uit kollekte van gemeentes het egter aansienlik gegroei.

Besluit: Kennis geneem.

6. Aanbevelings

6.1 Die Sinode neem met dank daarvan kennis dat *Die Kerkblad* gereeld maandeliks verskyn het.

6.2 Die Sinode spreek 'n besondere woord van dank uit teenoor me Johanna Fourie vir die belangrike werk wat sy met groot toewyding en nougesetheid uitgevoer het.

Besluit: Goedgekeur.

6.3 Die Sinode gee indringend aandag aan en duidelike leiding oor die vraag hoe die intekenaretaal van *Die Kerkblad* vermeerder kan word.

Besluit: Die Redakteur van *Die Kerkblad* onderneem, in samewerking met die Deputate vir Publikasies, asook die redaksies van die ander Kerklike Tydskrifte en in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro, 'n diepgaande en indringende ondersoek na die formaat van die voortbestaan van al ons Kerklike Tydskrifte. Vir die doel van hierdie ondersoek moet kundige lidmate vanuit die Kommunikasiebedryf betrek word.

6.4 Die Sinode gee leiding op watter wyse *Ons Bondsjeug* voortaan hanteer moet word.

Besluit: Dr AJ Krüger word as Redakteur vir die *Bondsjeug* benoem.

6.5 Die Sinode wys 'n hoofredakteur aan wat in samewerking met die (nuwe) Deputate vir Kerklike Tydskrifte 'n nuwe redaksie saamstel wat tot die volgende Sinode sal funksioneer.

Besluit: Prof JH van Wyk word vir 'n verdere termyn as Redakteur van *Die Kerkblad* benoem.

6.6 Die nuwe redaksie kry in besonder opdrag om daarmee rekening te hou dat (a) die GKSA in 2009 sy 150^{ste} herdenking vier en (b) in 2009 ook die 500^{ste} herdenking van die geboorte van die kerkhervormer Johannes Calvyn (op 10 Julie) sal plaasvind.

Besluit: Goedgekeur.

22.2 REDAKSIEKOMMISSIE VIR DIE UITGEE VAN DIE ALMANAK (Artt 74, 217)

- A. Dr ME Schalekamp stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Media en Publikasies. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Ds IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie Media en Publikasies.
- D. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. RAPPORT

1. Opdrag

Kyk Acta 2003:

- 1.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en 'n redaksie moet aangewys word met die opdrag om:
 - 1.1.1 Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee
 - 1.1.2 Soveel as moontlik inligting van al die Sinodes van die Gereformeerde Kerke te publiseer
 - 1.1.3 Na moontlikhede van intensiewer bemerking van die *Almanak* te kyk om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel.
- 1.2 Die Sinode neem die volgende vertrekpunt as uitgangspunt in die toedeling van die opgehoopde fondse van die Almanak: Fondse wat deur publikasies van die kerk gegenereer is, word aangewend om die publikasies van die kerk verder uit te bou. In die opsig wil die Deputate die volgende aanbevelings doen:
 - 1.2.1 Fondse beskikbaar te stel om die uitgee van "*Die Bybel in Drie Jaar*" moontlik te maak.
 - 1.2.2 'n Bufferbedrag van R50 000 aan die Redaksie van die Almanak om aan te wend vir die positiewe uitbou van die Almanak.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- 2.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn (vgl Opdrag 1.1).
 - 2.1.1 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met dagstukkies en met inagneming van die Belydenisskrifte (vgl Almanak 2005: Opdrag 1.1.1). Die Deputate wil graag aan die Sinode rapporteer dat die *Almanak* met dagstukkies in die lig van korrespondensie wat ontvang is en volgens die beskeie oordeel van die Deputate baie goed ontvang is in die kerkverband en daarbuite. Die Deputate wil ook graag 'n woord van besondere dank uitspreek teenoor al die predikante wat op 'n besondere wyse saamgewerk het om van hierdie publikasie 'n sukses te maak.
 - 2.1.2 Die *Almanak* het jaarliks soveel as moontlik inligting van al die Sinodes van die Gereformeerde Kerke gepubliseer (vgl Opdrag 1.1.2)
 - 2.1.3 Die *Almanak* het jaarliks verskyn met die volledige plasing van die name van die ouderlinge en diakens. Genoemde inligting is in kleiner lettertipe geplaas om sodoende die dikte van die publikasie in ag te neem.
 - 2.1.4 'n Werkswinkel is gereël vir 28 Julie 2003. Swak reaksie is ontvang aangesien slegs 10 predikante laat weet het hulle sal kom en 20 wat sal saamwerk aan die skryf van dagstukkies. Daar is besluit om nie voort te gaan met die werkswinkel nie.

- 2.1.5 Intensiewer bemerking van die *Almanak* is gedoen om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel (vgl Opdrag 1.1.3).
- 2.1.6 “*Die Bybel in Drie Jaar*-projek” het nie gerealiseer nie. ‘n Uitgewer kon nie gevind word nie agv die groot hoeveelheid van soortgelyke publikasies deur ander skrywers in die mark (vgl Opdrag 1.2.1).

Besluit: Kennis geneem.

- 2.2 Neem ‘n besluit oor die opgehoopte fondse met inagneming van die volgende aanbeveling van die Deputate:
 - 2.2.1 Die Sinode oorweeg dit om aan die nuwe Deputate ‘n bufferbedrag van ongeveer R50 000 beskikbaar te stel om verdere verhogings te kan absorbeer en sodoende die verkoopprijs van die *Almanak* so laag as moontlik te hou en om die gehalte steeds te verbeter (vgl Opdrag 1.2.2).

Besluit: Dit blyk dat die Sinode nie oor 2.2 ‘n besluit geneem het nie. Hierdie saak word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro – Deputate Handeling.

- 2.3 Die oplaag van die *Almanak* was vir 2004: 18 500 eksemplare, vir 2005 was dit 17 500 en vir 2006 word ‘n oplaag van 15 000 beplan. Omdat die projek so geseënd is, het die Deputate ‘n aantal eksemplare aan Gereformeerde instellings soos ouetehuse en kinderhuise gratis beskikbaar gestel. Die indruk wat die Deputate het, is dat Kerkrade meer geredelik al die *Almanakke* wat hulle bestel van die hand sit en dat dit nie in konsistories ophoop nie.
- 2.4 Die Deputate is dankbaar om te rapporteer dat na die drie jaar ‘n goeie wins getoon kan word soos blyk uit die Finansiële state wat aan die Sinode beskikbaar gestel is. Die Deputate was in die lig van die finansiële situasie daartoe in staat om die prys van die *Almanak* vir die laaste twee uitgawes dieselfde te hou waarvoor ons baie dankbaar is.
- 2.5 Die Deputate se beleid is om al die inligting wat beskikbaar is van al drie die Sinodes van die Gereformeerde Kerke in die *Almanak* te plaas. Ongelukkig moet ons rapporteer dat die gedrukte inligting nie volledig is nie.
- 2.6 Dit is die beleid van die Deputate om jaarliks huldeblyke van predikante wat oorlede is, te plaas.
- 2.7 Die Deputate plaas van tyd tot tyd (die vorige plasing was in 2003) ‘n volledige lys van “Kerke en hulle predikante”. Sodanige lys is weer volledig in die 2006 uitgawe van die *Almanak* geplaas.
- 2.8 Die Deputate poog om die standaard van die *Almanak* jaarliks te verbeter sodat dit ‘n uitgawe sal wees waarop alle lidmate trots is. Ons wil verskeie lidmate en predikante bedank vir insette en wenke wat hulle vrymoedig na elke publikasie aan ons deurgee om ons daartoe in staat te stel.
- 2.9 ‘n Rubriek in elke uitgawe van die *Almanak* is die Ruit waaraan ‘n groot aantal lidmate deelneem. Die Deputate bedank ds. Hennie van Wyk wat hierdie rubriek behartig.
- 2.10 Die *Almanak* is jaarliks by die Partikuliere Sinodes afgelewer vir verdere verspreiding deur die onderskeie kerke. Die Deputate maak ook gebruik van posversendings vir verafgeleë bestemmings wat moeilik met padvervoer bereik kan word. Kaa Bee vervoer het soos in die verlede ‘n besondere diens gelewer met die aflewering van die *Almanak*. Ook vir hulle vriendelike diens baie dankie.
- 2.11 Die Deputate wil hulle dank uitspreek teenoor adverteerders wat in die *Almanak* adverteer om sodoende koste te beperk.

- 2.12 Die Deputate wil graag hulle dank uitspreek teenoor die personeel van die Administratiewe Buro en by name suster Wymie du Plessis en broeder Hannes Vorster vir die insette wat hulle maak om elke jaar die *Almanak* die lig te laat sien.
- 2.13 Ons wil ook graag vir Angie Mphata en Anna Leeuw bedank vir hulle hulp om die versending van die *Almanak* moontlik te maak.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake waaroor die Sinode moet besluit

- 3.1 Die *Almanak* word weer uitgegee en 'n redaksie moet aangewys word (*Indien moontlik, moet die Redakteur een van Potchefstroom se predikante wees*) met die opdrag om:
 - 3.1.1 Die *Almanak* met dagstukkies uit te gee
 - 3.1.2 Die Voorsitter van die diakonie van elke kerk se besonderhede word ook gepubliseer. Ouderlinge en diakens se name word behou.
 - 3.1.3 Te kyk na moontlikhede van intensiewer bemerking van die *Almanak* om sodoende die publikasie in soveel moontlik huise beskikbaar te stel en 'n moontlike Engelse mark te ontgin.
 - 3.1.4 Die moontlikheid te ondersoek om die *Almanak* ook in Engels te laat druk en op die Gereformeerde Kerke se Webblad beskikbaar te stel. Hierdie versoek is nie net gemotiveer in die lig van Internetgebruikers se behoeftes nie, maar ook van anderstalige lidmate van Gereformeerde Kerke.
 - 3.1.5 Die moontlikheid te oorweeg om 'n oorkoepelende Deputategroep saam te stel vir Publikasies sodat daar voortdurend oor gemeenskaplike sake soos byvoorbeeld Finansies gehandel kan word.
 - 3.1.6 Statistiese tabelle te verander om 'n meer statisties kontroleerbaar, 'n roepings verantwoordbare (soos bv vordering in die vervulling van die missionêre roeping van die kerk) asook 'n gebruikersvriendeliker profiel van getalle in die Gereformeerde Kerke weer te gee. Vir die doel is die versoek dat Prof Faans Steyn van die Statistiese Konsultasiediens aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit, op die Redaksie van die *Almanak* benoem moet word.
 - 3.1.7 Administratiewe inligting meer vaartbelyn te maak.
 - 3.1.8 Dit word aanbeveel dat die kategorie "opgeneem" in die toekoms verdeel sal word in "opgeneem uit ander kerke" en "opgeneem na evangelisasie".
 - 3.1.9 Die Deputate ondersoek die moontlikheid om dagstukkies vir die tiener-, studente- en werkende jeug te publiseer.

Besluit: Goedgekeur.

22.3 RAPPORT DEPUTATE PUBLIKASIES : CJBF, KERKORDE EN EVANGELISERINGSMEDIA (Artt 75, 291)

- A. Ds PW Kurpershoek stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Media en Publikasies. Finansiële implikasies is verwys na die Kommissie Finansies
- C. Ds IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie Media en Publikasies.
- D. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. RAPPORT

1. Opdrag

- 1.1 Acta (2003:687, 688, 693).
- 1.2 Die opdragte word breedvoeriger uiteengesit by die drie onderafdelings hieronder.

Besluit: Kennis geneem.

2. CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS (CJBF)

2.1 Opdrag (Acta 2003:688)

- 2.1.1 Die oorweging, beoordeling en uitgee van toekomstige publikasies.
- 2.1.2 Die advertering en bemarking van CJBF-publikasies.
- 2.1.3 Uitvoering van opdragte oor publikasie van die *Psalmboek* soos deur die Sinode besluit.
- 2.1.4 Daar is aanvaar dat die opdragte soos vasgestel in die Reglement van die CJBF (1982:226-227) ook deel van die opdrag aan die Deputate was.
- 2.1.5 Alhoewel geen direkte opdragte deur Sinode 2003 gegee is nie, is aanvaar dat die beheer van boekevoorrade van CJBF en die fondse van CJBF en Totiusfonds die Deputate se verantwoordelikheid is, terwyl die administratiewe verantwoordelikhede by die Administratiewe Buro lê.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 Voorrade: CJBF

- 2.2.1 Aan die begin van die termyn was omtrent 8 000 boeke by Administratiewe Buro beskikbaar, ten waarde van R57 000.
- 2.2.2 Gedurende Desember 2004 is 'n advertensie in *Die Kerkblad* geplaas om verskeie publikasies teen billike tariewe bekend te stel – sonder enige noemenswaardige reaksie.
- 2.2.3 Ten opsigte van enkele van die publikasies is besluit om eerder daarvan ontslae te raak as dat dit net op die rak bly lê.
- 2.2.4 *Intonasie vir die orrel* se voorraad is as volg hanteer:
 - 2.2.4.1 Een eksemplaar is gratis gegee saam met elke Koraalboek wat verkoop is.
 - 2.2.4.2 Publikasie is aan SAKOV bekendgestel vir gratis verspreiding.
 - 2.2.4.3 Verdere eksemplare is vernietig.
- 2.2.5 Ter bevordering van publikasies is die volgende werkswyse gestel:
 - 2.2.5.1 'n Pakket van vyf boekies (*Jy is 'n blinkpadmens, Gesonde leer, Kerkordeboekie, Nag my kind, Salf vir die wonde*) sal DV saam met die Almanakke 2006 na gemeentes gestuur word ter bekendstelling – waar dit koste-effektief is.
 - 2.2.5.2 Gemeentes sal versoek word om 'n kolporteur aan te wys wat met eerste rondte van bemarking 30% kommissie kry en later 15%.

2.2.5.3 Pryse van publikasies word verlaag om net voorsiening te maak vir die verhaling van koste en vir die kommissie wat aan die kolporteurs betaalbaar is.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.2.6 Die Sinode keur bogenoemde optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Finansies: CJBF*

2.3.1 Die Deputate het gereelde terugvoer ontvang aangaande die stand van die fonds.

2.3.2 Die finansiële state is ingesluit by die state van die Administratiewe Buro.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.3.3 Die Sinode keur die finansiële state van die CJBF goed.

Besluit: Goedgekeur.

2.4 *Finansies: Totiusfonds*

2.4.1 Die Deputate het gereelde terugvoer ontvang aangaande die stand van die fonds.

2.4.2 Die finansiële state is ingesluit by die state van die Administratiewe Buro.

2.4.3 Die laaste Sinodebesluite rondom die Totiusfonds dateer terug na 1985, toe vasgestel is dat die kapitaal van die Totiusfonds, dit wil sê kontant en boekevoorraad, deurgaans op R200 000 gehou word om *Psalmboeke* en *Koraalboeke* te laat druk en dat die saldo van die Totiusfonds na die CJBF oorgedra moet word (Acta, 1985:64-65, 4.8.2.2-4.8.2.3).

2.4.4 Die oordrag van alle kapitaal bo R200 000 na die CJBF het sedert 1991 nog nie weer plaasgevind nie, met die gevolg dat die Totiusfonds al groter geword het.

2.4.5 Die Deputate het besin oor die vraag of die besluit van 1985 uitgevoer moet word deur alle fondse bo R200 000 na die CJBF oor te dra.

2.4.6 Aangesien die Totiusfonds se doel is om voorsiening te maak vir die druk van *Psalmboeke* en *Koraalboeke* en die koste vir hierdie drukwerk drasties toegeneem het, is die Deputate van mening dat die besluit van Sinode 1985 (Acta, 1985:65, 4.8.2) terugwerkend tot 1991 herroep word en dat die Totiusfonds as voorsorgfonds proaktief uitgebou moet word om herdrukke van *Psalmboek* te kan finansier.

2.4.7 Die implikasie van die terugwerkende herroeping van die besluit van 1985 is dat alle fondse wat tans in die Totiusfonds is, in die Totiusfonds bly as voorsiening vir die toekomstige druk van *Psalmboeke* en *Koraalboeke*.

2.4.8 Geen Reglement kon vir die Totiusfonds opgespoor word nie. Daarom het die Deputate die volgende Konsepreglement opgestel – na bestudering van alle relevante besluite deur vorige Sinodes.

Besluit: Kennis geneem.

TOTIUSFONDS

REGLEMENT

(Hierdie Reglement vervang en wysig alle vorige besluite aangaande die Totiusfonds.)

1. Agtergrond

Die Totiusfonds het in 1936 ontstaan as resultaat van die sedering van die kopiereg van die Afrikaanse Psalmberyming van prof JD du Toit aan die GKSA. Die hoop is in 1936 uitgespreek dat dié fonds gebruik sou kon word vir die oprigting van iets monumentaals. Met verloop van tyd is bepaal dat die fonds in die eerste plek gebruik word vir die finansiering van die druk van Psalmboeke en Koraalboeke.

2. Naam

Die Totiusfonds (TF).

3. Doel

Die doel van die Totiusfonds is om voorsiening te maak vir die druk van alle Psalmboeke (waarin die 1937-Beryming vervat word) en Koraalboeke van die GKSA.

4. Administrasie

4.1 Die administrasie van die finansies en die publikasies van die Totiusfonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang jaarliks geouditeerde state waarin die stand van die fonds aangedui word.

5. Beheer

Die beheer en toesig oor die werksaamhede van die Totiusfonds word deur die Deputate behartig wat tydens elke Nasionale Sinodesitting benoem word.

6. Samestelling van Deputate

- 6.1 Die Deputate bestaan uit vyf lede waarby die Direkteur van die Administratiewe Buro (ex officio) ingesluit is.
- 6.2 Twee van die lede moet verkieslik op Potchefstroom woon.
- 6.3 Ter wille van kontinuïteit moet ten minste twee lede herbenoem word.
- 6.4 Die Sinode wys sekundi Deputate aan om moontlike vakatures te kan vul.
- 6.5 Die Deputate konstitueer self en verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba.
- 6.6 Die Deputate benoem 'n dagbestuur bestaande uit drie lede.
- 6.7 Die voorsitter van die Deputate is ex officio voorsitter van die dagbestuur.
- 6.8 Met die samestelling van die Deputate word gelet op die samestelling van die Deputate van die Calvin-Jubileumboekefonds.

7. Funksionering van Deputate

- 7.1 Die Deputate vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar.
- 7.2 Wanneer nodig, belê die voorsitter en skriba 'n vergadering. Die dagbestuur het ook die reg om 'n vergadering op te roep.
- 7.3 Die Deputate kan magte en pligte aan die dagbestuur delegeer.

8. Opdragte en pligte van Deputate

- 8.1 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds.
- 8.2 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fondse.
- 8.3 Die Deputate maak proaktief voorsiening vir genoegsame fondse om die druk van Psalmboeke en Koraalboeke moontlik te maak.

- 8.4 Die Deputate is verantwoordelik om alle besluite wat die Nasionale Sinode neem ten opsigte van die publiserings van Psalmboeke en Koraalboeke uit te voer.
- 8.5 Die Deputate sorg dat alle publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk is.
- 8.6 Die Deputate sorg dat aan al die wetlike vereistes ten opsigte van publikasies voldoen word.
- 8.7 Die Deputate sorg dat alle handels- of besigheidsaangeleenthede in verband met die Psalmboeke en Koraalboeke behartig word.
- 8.8 Die Deputate reël alle ter sake ooreenkomste; met die voorsitter en skriba wat alle ooreenkomste onderteken.
- 8.9 Die Deputate voer spesiale opdragte soos deur die Nasionale Sinode opgelê, uit.

9. Finansiering

- 9.1 Die Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word.
- 9.2 Die Deputate maak proaktief voorsiening vir genoegsame fondse om die druk van Psalmboeke en Koraalboeke moontlik te maak.

10. Ooreenkomste

Die Deputate het die magtiging om die volgende ooreenkomste aan te gaan:

- 10.1 Ooreenkomste ten opsigte van die druk van alle Psalmboeke en Koraalboeke.
- 10.2 Ooreenkomste ten opsigte van kopiereg.
- 10.3 Ooreenkomste ten opsigte van tantieme.
- 10.4 Enige ander noodsaaklike ooreenkomste soos nodig vir die uitvoer van hul opdrag.

11. Rapport

Die Deputate lewer aan elke Nasionale Sinode volledig verslag oor al die werksaamhede van die Totiusfonds.

12. Wysiging van Reglement

Wysigings aan die Reglement van die Totiusfonds kan alleen deur die Nasionale Sinode van die GKSA gedoen word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

- 2.4.9 Die Sinode herroep die besluit van 1985 (Acta, 1985:64-65, 4.8.2.2-4.8.2.3) aangaande die aanwending van die Totiusfonds.
- 2.4.10 Die Sinode keur die optrede van die Deputate om nie die besluit van 1985 uit te voer en surplusfondse na die CJBF oor te dra nie, goed.
- 2.4.11 Die Sinode keur die finansiële state van die Totiusfonds goed.
- 2.4.12 Die Sinode bevestig die doel van die Totiusfonds, naamlik as voorsieningsfonds vir die toekomstige druk van *Psalm-* en *Koraalboeke*.
- 2.4.13 Die Sinode stel die Konsepreglement van die Totiusfonds vas as Reglement van die Totiusfonds.

Besluit: Goedgekeur.

2.5 Keuringsreglement

- 2.5.1 Die Deputate het aan die begin van hul termyn probeer vasstel hoe die keuring van publikasies behoort plaas te vind.
- 2.5.2 Waar geen duidelike riglyne beskikbaar was nie, is ter wille van kontinuïteit en deursigtigheid 'n duidelike Keuringsreglement opgestel.
- 2.5.3 Keuringsprosedure by *In die Skriflig* is in ag geneem.
- 2.5.4 Die volgende konsep-Keuringsreglement word voorgelê vir goedkeuring en byvoeging by die Reglement van die CJBF (Acta, 1982:226-227):

CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS

KEURINGSREGLEMENT

In aansluiting by die Reglement van die CJBF (Acta, 1982:226-227) word die volgende riglyne gestel ten opsigte van moontlike publikasies:

1. Inhoud van publikasies

- 1.1 Publikasies moet daarop gerig wees om die Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing uit te dra en/of dwaalleer te bestry.
- 1.2 Wetenskaplike teologiese publikasies en proefskrifte word nie deur CJBF uitgegee nie, maar wel deur die Potchefstroomse Teologiese Publikasies.
- 1.3 Publikasies moet Skrifgefundeerd wees – in ooreenstemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte.
- 1.4 Publikasies behoort begripsmatig afgestem te wees op die teikengroep.
- 1.5 Publikasies moet aktueel wees.
- 1.6 Publikasies moet treffend wees – die hart aanraak.

2. Styl van publikasies

- 2.1 Publikasies moet gestruktureer word deur onder andere van subparagrafe met gepaste opskrifte gebruik te maak – sonder om dit totaal te versnipper. Sodanige raamwerk help om gedagtes te sistematiseer en te orden en bied vir die leser 'n paar springklippe deur die rivier.
- 2.2 Publikasies kan in enige van die elf landstale voorgelê word.
- 2.3 Die taalgebruik moet eietyds en leesbaar wees.
- 2.4 Geen afkortings moet gebruik word nie - ook nie vir Bybelboeke nie.
- 2.5 Tegniese terme moet omskryf word.
- 2.6 Ten opsigte van formaat geld dat twee spasies na 'n punt, dubbelpunt en kommapunt, maar net een spatie na 'n komma gelaat word.

3. Voorskrifte vir skrywers

- 3.1 Die manuskrip moet in A4-formaat wees, in dubbelspasiëring, met ruim kantlynspasies en slegs op een kant van die bladsy afgedruk.
- 3.2 Die manuskrip moet taalversorg en finaal geredigeer wees. Dit is die outeur se verantwoordelikheid. Die outeur moet meld wie die taalversorging gedoen het.
- 3.3 Vier kopieë van die manuskrip word by voorlegging verlang. Slegs op één titelblad van die vier kopieë moet die outeur se voorletters en van, en persoonlike e-posadres verskyn. Verstrek ook 'n privaat posadres, 'n telefoon- en faksnommer. Die titelblad van die ander drie kopieë moet slegs die titel, en die teks van die manuskrip bevat.

4. Keuringsproses

- 4.1 'n Manuskrip word vir evaluering gewoonlik aan drie keurders gestuur.
- 4.2 Die CJBF-deputate neem gesamentlik 'n besluit oor wie vir spesifieke publikasie as keurders genader word.
- 4.3 Die keurders word nie ingelig wie die outeur van die manuskrip of die ander keurders is nie.
- 4.4 Vandat die manuskrip uitgestuur word totdat die skrywer die kommentaar terugkry, duur enigiets van drie tot ses maande.
- 4.5 Wanneer al drie keurders se kommentaar ontvang is, word 'n samevattende verslag deur die verantwoordelike persone van die CJBF opgestel wat 'n finale aanbeveling formuleer.
- 4.6 Indien die aanduiding is dat die manuskrip bruikbaar is, word die manuskrip saam met ontvangte kommentaar van die keurders na die outeur terugverwys vir finale hersiening en redigering.
- 4.7 In die saamstel van die keurderskommentaar word gepoog om nie kwetsende kritiek na die outeur deur te gee nie. As 'n keurder of keurders egter met gegronde redes negatief oor 'n manuskrip oordeel, kan kritiek positief en liefdevol aan die skrywer oorgedra word (sonder om die persoon aan te val).
- 4.8 Nadat die keuringsproses afgehandel is en die outeur die kommentaar verwerk het, moet 'n elektroniese kopie en 'n papierkopie aan die CJBF-deputate gestuur word. Die elektroniese kopie moet op rekenaardisket gestuur word in die lêer-formaat van die woordverwerkingsprogram wat gebruik is met die naam en weergawe van die woordverwerkingsprogram, asook die lêernaam (byvoorbeeld WinWord 6.0a: Steyn.doc). Hierdie disket word nie aan die outeur terugbesorg nie.
- 4.9 Die keurders ontvang geen vergoeding vir hul werk nie, behalwe dat 'n gratis kopie van die finale produk aan hulle verskaf word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.5.5 Die Sinode keur die Keuringsreglement goed en voeg dit by die Reglement van die CJBF.

Besluit: Goedgekeur.

2.6 Publikasies uitgegee

- 2.6.1 Twee manuskripte het oorgestaan vanaf die vorige termyn, naamlik 'n preekbundel van ds MA Thamae en die moontlike heruitgawe van *Brood vir die lewe*.
- 2.6.2 Verskeie preekbundels is ontvang vir oorweging, te wete *Genade Oomblikke* van ds HJJ Krüger, 'n bundel kategismuspreke vanuit Klassis Ventersburg en *Spreek met aandag en ontsag* van die klasgroep van 1982 onder redaksie van prof GJC Jordaan.
- 2.6.3 Twee ander manuskripte is ontvang vir oorweging, naamlik *Bybelkarakters* deur ds JDA Krüger en *Op arendsvlerke* deur ds DHP Wijnbeek.
- 2.6.4 Ter wille van etiese oorwegings is onderling ooreengekom dat geen persoon wat deel is van die Deputategroep 'n publikasie vir oorweging sal voorlê nie. Gevolglik is ds HJJ Krüger se manuskrip onttrek.
- 2.6.5 Ten opsigte van die publikasie van preekbundels in Afrikaans is dit duidelik dat daar maar 'n beperkte aanvraag bestaan en dat die internet nuwe moontlikhede

- bied. Daarom het die Deputate besluit om papierkopieë van Afrikaanse preekbundels net op 'n eenvoudige en koste-effektiewe manier beskikbaar te stel, naamlik deur 'n meesterkopie van die bundel by die Administratiewe Buro en dan fotokopieë op aanvraag te maak en met ringbinding in te bind.
- 2.6.6 Die Deputate het in gesprek getree met die Deputate Inligtingstechnologie aangaande die moontlikheid om 'n webblad te ontwikkel waarop gekeurde preke in Afrikaans beskikbaar gestel word.
- 2.6.7 Aangesien die preekbundel soos deur die klasgroep van 1982 'n feesbundel is, is tog besluit om dié betrokke bundel te publiseer. Met die opstel van die Rapport is die publikasieproses aan die gang.
- 2.6.8 As gevolg van die eiesoortige situasie in gemeentes met Afrikatale as voertaal, is die Deputate van mening dat preekbundels in Afrikatale wel deur CJBF uitgegee behoort te word. Gevolglik is die bundel van ds Thamae ten tye van die opstel van die Rapport in proses om uitgegee te word.
- 2.6.9 Die manuskrip van ds JDA Krüger is na hom terugverwys met 'n kopie van die Keuringsreglement en die versoek om sy manuskrip in lyn hiermee aan te pas.
- 2.6.10 Die manuskripte van ds DHP Wijnbeek en *Brood vir die Lewe* is met die opstel van die Rapport in proses om gepubliseer te word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

- 2.6.11 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.
- 2.6.12 Die Sinode gee die Deputate CJBF opdrag om in oorleg met die Deputate Inligtingstechnologie 'n webblad te ontwikkel waarop preke in Afrikaans voorsien word.

Besluit: Goedgekeur.

2.7 *Uitgee van Psalmboek (2003-weergawe)*

- 2.7.1 Alhoewel die CJBF vir die publikasie van die *Psalmboek* verantwoordelik is, het Sinode 2003 ook opdragte aan die Deputate Liturgiese Sake gegee insake die publikasie van die *Nuwe Psalmboek* (vergelyk Acta, 2003:644-645, 670).
- 2.7.2 Aangesien die Deputate Liturgiese Sake reeds voortgegaan het met die voorbereidings vir die nuwe *Psalmboek* en ook die beste gerat was om die opdrag uit te voer, het hierdie Deputate die Deputate Liturgiese Sake versoek om eerder met die opdrag voort te gaan en dit af te handel.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.7.3 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

2.8 *Uitgee van 5de hersiene uitgawe van Psalmboek (2000-weergawe)*

- 2.8.1 Sinode 2003 het besluit dat die 5de hersiene uitgawe van die *Psalmboek* (2000) ooreenkomstig aanvraag beskikbaar bly (Acta, 2003:644, 5.2.2).
- 2.8.2 Die Deputate het hierdie opdrag – nadat skrywes uit die kerkverband ontvang is – sodanig verstaan dat 'n presiese weergawe van die 5de-hersiene uitgawe van *Psalmboek* uitgegee behoort te word, behalwe vir spelfoute wat gekorrigeer is.
- 2.8.3 Bestellings is verkry voordat 'n oplaag van 3 700 *Psalmboeke* gedruk en beskikbaar gestel is teen R97.00 per eksemplaar.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.8.4 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

2.9 *Herdruk van Psalmboeke*

2.9.1 Die afgelope aantal jare word tydens elke Sinode besluite geneem wat die inhoud van die *Psalmboek* van die GKSA raak (oa met nuwe Skrifberymings wat bygevoeg word, veranderde formuleringe aan Liturgiese Formuliere en Belydenisskrifte). Hierdie veranderings noodsaak aan die een kant dat 'n hersiene uitgawe na afloop van elke Sinode uitgegee word.

2.9.2 Ter wille van finansiële oorwegings is dit egter noodsaaklik dat beplan kan word vir heruitgawes van die *Psalmboek* sodat genoegsame fondse opgebou kan word om die herdruk te finansier en om die kostes so laag moontlik te hou. Die herdruk van *Psalmboeke* behoort dus eerder oor 'n langer periode as drie jaar gepasieer word.

2.9.3 Ook het Sinode 2003 opdrag gegee dat beide die 5de hersiene uitgawe van die *Psalmboek* (2000) en die 2003-uitgawe van die *Psalmboek* beskikbaar gestel moet word. Soos reeds hierbo (2.7-2.8) aangedui, was daar egter ook onduidelikheid oor wie presies vir die uitgee van die *Psalmboek* verantwoordelik was en wat die inhoud van die *Psalmboek* moes wees.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.9.4 Die huidige teks van Psalmboek 2000 word herdruk met die korrigering van foute, bv by die Kerkorde en die invoeging van addisionele Skrifberymings – indien moontlik met opeenvolgende nommering.

Besluit: Goedgekeur.

2.10 *Institusie van Calvyn – Simpsonvertaling*

2.10.1 Verskeie versoeke is ontvang om die Simpsonvertaling van die Institusie van Calvyn weer beskikbaar te stel.

2.10.2 Alhoewel die vorige oplaag later teen kosprys verkoop is, is die Deputate daarvan oortuig dat hierdie monumentale werk tog beskikbaar gestel behoort te word.

2.10.3 Ten tye van die opstel van die Rapport word onderhandelinge met verskeie rolspelers gevoer oor die moontlike publisering van hierdie werk. Daar sal hieroor aanvullend gerapporteer word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

2.10.4 Die optrede van die Deputate oor die onderhandelinge wat gevoer is, word goedgekeur. Die Deputate kry opdrag dat die Institusie (1559-Uitgawe) weer gepubliseer word. In hierdie uitgawe moet 'n indeks ingesluit word. Die Deputate gee aandag aan die tantieme en die moontlike agterstalligheid daarvan.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings hierbo aangebring.)

2.11 *Institusie van Calvyn – Duvenage se verkorte weergawe*

2.11.1 Versoeke is ontvang om Duvenage se verkorte weergawe weer beskikbaar te stel.

2.11.2 Ten tye van die opstel van die Rapport is ondersoek aan die gang rondom die haalbaarheid hiervan – waarvoor aanvullend gerapporteer sal word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.11.3 Die Deputate kry opdrag om voort te gaan met 'n herdruk van bogenoemde weergawe.

Besluit: Goedgekeur.

2.12 *Verantwoordelikheid vir publikasies*

- 2.12.1 Volgens die Reglement van die CJBF behoort die Deputate vir die CJBF ook publikasies namens ander Deputate te behartig (Acta, 1982:226, 4.2).
- 2.12.2 Die praktyk het egter aangedui dat verskeie Deputategroepe op eie inisiatief – sonder konsultasie met die CJBF-deputate – publikasies die lig laat sien het.
- 2.12.3 Die implikasie hiervan is dat verskeie wetlike vereistes - sonder ISBN-nommers en verspreiding van kopieë na Staatsbiblioteke – nie nagekom is nie.
- 2.12.4 Daarom is alle Deputategroepe per brief versoek om eers met die CJBF-deputate te kontak, alvorens enige verdere publikasies uitgegee word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 2.12.5 Die Sinode wys alle Deputategroepe daarop dat enige publikasies in oorleg met die CJBF-deputate uitgegee behoort te word.

Besluit: Goedgekeur.

3. UITGEE VAN KERKORDE-BOEKIE

3.1 *Opdrag (Acta 2003:693)*

- 3.1.1 Die aangewese Deputaat(e) moet die hele Engelse Vertaling van die Kerkorde taalkundig versorg deur gebruik te maak van 'n taalkundige.
- 3.1.2 Gaan die Handeling van hierdie Sinode na met die oog op moontlike wysigings, byvoegings en weglatings aan die gegewens in die Kerkorde-boekie/-lêer.
- 3.1.3 Druk hierdie wysigings bloot as los bladsye wat die bestaande bladsye in die boekie / lêer vervang en stel dit binne die kerkverband beskikbaar.

Besluit: Kennis geneem.

3.2 *Engelse vertaling van die Kerkorde*

- 3.2.1 Die Engelse vertaling van die Kerkorde is deur Sinode 2003 (Acta:693-706) goedgekeur met dien verstande dat dit finaal taalkundig versorg word alvorens dit gedruk en uitgegee word.
- 3.2.2 Die Engelse vertaling is deur dr JH Howell en di SD Snyman en GJ Meijer gekontroleer met behulp van bestaande Engelse Kerkordes en in oorleg met mev JM Smit wat met die vertaalproses gemoeid was.
- 3.2.3 Die taalkundig-versorgde weergawe van die Engelse vertaling van die Kerkorde word tans deur prof A le R du Plooy hanteer met die oog op finale afronding.
- 3.2.4 Nadat die afrondingsproses voltooi is, sal die Engelse vertaling van die Kerkorde gedruk asook elektronies beskikbaar gestel word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 3.2.5 Die Sinode neem kennis van die afhandeling van die werk.

Besluit: Goedgekeur.

3.3 *Nagaan van Handelingte Sinode 2003*

- 3.3.1 Die Handelingte van Sinode 2003 is deurgegaan met die oog op moontlike wysigings, byvoegings en weglatings aan die gegewens in die Kerkorde-boekie/-lêer.
- 3.3.2 Die volgende wysigings/byvoegings moet in Kerkorde-boekie aangebring word:
 - 3.3.2.1 Konstitusie vir SDDS-tehuise (Acta:139-144).
 - 3.3.2.2 Grondslag van die Tussenkerklike Raad (Acta:163-165).
 - 3.3.2.3 Veranderde bewoording Artikel 20 KO: 'wese' word met 'afhanklikes' vervang (Acta:247-248).
 - 3.3.2.4 Hersiene Reglement van die Predikante Pensioenfonds (Acta:259-261)
 - 3.3.2.5 Bylaes by Artikel 13 KO insake 'Medies onbekwaam' en 'Herstel van medies onbekwaam' (Acta:264-265).
 - 3.3.2.6 Hersiene Reglement GKSA Predikante Pensioenfonds (Acta:269-283).
 - 3.3.2.7 Reglement van die GKSA Predikante Ondersteuningsfonds (Acta:311-317).
 - 3.3.2.8 Maandelikse traktements- en emeritaatsadvies (Acta:336).
 - 3.3.2.9 Reglement van die Administratiewe Buro van die GKSA (Acta:359-366)
 - 3.3.2.10 Veranderde bewoording artikel 57 KO: 'aanvra' word 'aanbied' (Acta:466-467).
 - 3.3.2.11 Kerklike voorstellingsbrief (Acta:471-472).
 - 3.3.2.12 Reglement van die Kas vir Teologiese Studente (Acta:723-726).
 - 3.3.2.13 Wysiging aan die Trustakte GK Emeritaatsversorgingstrust (Acta:770).
 - 3.3.2.14 Wysiging aan die Reglement van die GK Emeritaatsversorgingskombinasie (Acta:771).
 - 3.3.2.15 Ordereëlins vir emeritaatsversorging met behulp van die emeritaatsversorgings-trust (Acta:796-801).
 - 3.3.2.16 Reglement van die Gereformeerde Kerke Emeritaatsversorgingskombinasie bestaande uit meewerkende Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (Acta:814-818).
- 3.3.3 Ter wille van kostebesparing is veranderinge net elektronies beskikbaar gestel via e-pos aan alle gemeentes, aan die Yahoo-groep van die GKSA en deur dit op die webwerf van die GKSA te publiseer.
- 3.3.4 Die Deputate vir Inligtingstegnologie is versoek om die hersiene Kerkorde-boekie op die webwerf te publiseer.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 3.3.5 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

3.4 *Vertaling van die Kerkorde-Boekie se bylaes in Engels*

- 3.4.1 Tydens Sinode 2003 is gerapporteer dat geen navrae ontvang is oor 'n Engelse vertaling vir die Bylaes tot die Kerkorde-boekie en dat gevolglik geen kostes aangegaan is om die vertaalwerk te doen nie (Acta 2003:693, 4.10.2.3).
- 3.4.2 Dit blyk dat daar onder die groeiende getal Engelssprekende Gereformeerdes 'n behoefte bestaan om oor genoemde dokumente in Engels te beskik.
- 3.4.3 Op advies van prof A le R du Plooy is daar derhalwe opnuut besin oor die wenslikheid om al die Bylaes by die Kerkorde-artikels (Kerkorde-boekie (p 32-61), sowel as Konsepvorms (Kerkorde-boekie p 65-79) en Ondertekeningformuliere (Kerkorde-boekie p 83-85) tesame met die wysigings na aanleiding van Sinode 2003, in Engels te vertaal.

Aanbeveling

Besluit: Kennis geneem.

- 3.4.4 Die Sinode keur dit goed dat die Bylaes by die Kerkorde-artikels (Kerkorde-boekie (p 32-61), sowel as Konsepvorms (Kerkorde-boekie p 65-79) en Ondertekenings-formuliere (Kerkorde-boekie p 83-85) tesame met die wysigings na aanleiding van Sinode 2006 in Engels vertaal en gepubliseer word.
- 3.4.5 Die Sinode begroot R5 000 vir die vertaling.

Besluit: Goedgekeur.

3.5 *Hersiening van Kerkorde-boekie*

- 3.5.1 In die lig van verskeie naams- en ander veranderinge wat oor jare ingetree het, is dit nodig om noodsaaklike hersienings in die Kerkorde-boekie aan te bring, naamlik:
- 3.5.1.1 Bylae by Artikel 26: Verhouding met Gereformeerde Stigting (moet wees: *Residentia Stigting*).
- 3.5.1.2 Reisattestatie vir lede van die SAW, SAP en Gevangenis in opleiding en aktiewe diens (moet wees: lede van die *SANW, SAPD* en *Departement Korrektiewe Dienste*).

Aanbeveling

Besluit: Kennis geneem.

- 3.5.2 Die Sinode keur dit goed dat die naams- en ander veranderinge aan die Kerkorde-boekie aangebring word.

Besluit: Goedgekeur. Die Deputate kry opdrag om die moontlikheid te ondersoek om 'n verklarende woordelys in die Kerkorde-Boekie op te neem.

3.6 *Indeksering van Sinodebesluite*

- 3.6.1 Aangesien die laaste indeksering van Sinodebesluite in 1985 plaasgevind het, het die Deputate geoordeel dat dit nodig is om die indeks van Sinodebesluite op te dateer.

Besluit: Kennis geneem soos gewysig. (Wysigings hierbo aangebring.)

Aanbeveling

- 3.6.2 Die Sinode keur dit goed dat in oorleg met ds PK Lourens, wat die besluite tot en met 1985 geïndekseer het, die besluite vanaf 1988 tot en met 2006 eweneens geïndekseer word en dat sodanige indeks op sinvolle wyses gepubliseer word.

Besluit: Goedgekeur.

4. EVANGELISERINGSMEDIA

4.1 *Opdrag (Acta, 2003:687)*

- 4.1.1 Om in samewerking met die Redaksiekommissies van die bestaande Kerklike Tydskrifte behulpsaam te wees in die produseer van bruikbare evangeliseringslektuur.
- 4.1.2 Om saam met die Redaksiekommissies van die bestaande Kerklike Tydskrifte te werk daaraan om van tyd tot tyd saamgestelde publikasies bestaande uit artikels, Bybelstudies en rubrieke van soortgelyke inhoud die lig te laat sien.
- 4.1.3 Om voort te gaan om van die moderne kommunikasiemedia gebruik te maak in die uitvoering van bogenoemde opdrag.
- 4.1.4 Om Kerkrade en individue vriendelik te versoek om hulle kosbare werk wat reeds gedoen is, beskikbaar te stel om sentraal beskikbaar gemaak te word vir almal.

- 4.1.5 Die nuwe Deputate hou die meesterlêer by die Administratiewe Buro sowel as die Missiodex-databasis op datum en brei dit uit soos nodig .
- 4.1.6 Die nuwe Deputate stel 'n omvattende indeks van literatuur in meesterlêer aan alle Kerkrade beskikbaar.
- 4.1.7 Die nuwe Deputate stel by voltooiing van publikasies een kopie van elke publikasie aan elke gemeente beskikbaar.
- 4.1.8 Die nuwe Deputate ontwikkel die Internet as verspreidingsnetwerk vir literatuur.
- 4.1.9 Die nuwe Deputate gaan voort om stiffies/CD's met relevante lektuur op aanvraag by die Administratiewe Buro beskikbaar te stel
- 4.1.10 Alhoewel geen direkte opdragte deur Sinode 2003 gegee is nie, is aanvaar dat die beheer van die Evangeliseringsmediafonds die Deputate se verantwoordelikheid is, terwyl die administratiewe verantwoordelikhede by die Administratiewe Buro lê.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Finansies: Evangeliseringsmediafonds (EM)*

- 4.2.1 Die Deputate het gereelde terugvoer ontvang aangaande die stand van die fonds.
- 4.2.2 Die finansiële state is ingesluit by die state van die Administratiewe Buro.
- 4.2.3 Geen Reglement kon vir die Evangeliseringsmediafonds opgespoor word nie. Daarom het die Deputate die volgende Konsepreglement opgestel – na bestudering van alle relevante besluite deur vorige Sinodes.

EVANGELISERINGSMEDIAFONDS

REGLEMENT

(Hierdie Reglement vervang en wysig alle vorige besluite aangaande die Evangeliseringsmediafonds.)

1. Agtergrond

Die Evangeliseringsmediafonds het in 1991 ontstaan as samevoeging van die destydse fondse van die deputate vir Evangelisasielektuur en dié vir Sending- en Nasorglektuur:

- ❖ Die *Evangelisasielektuurfonds* het in 1945 ontstaan as 'n Evangelisasiefonds waaruit alle bedieningswerk rondom die bediening van die evangelie aan die buitekerklike gefinansier is. In 1961 is die fokus van hierdie fonds beperk tot die voorsiening van evangelisasielektuur.
- ❖ Die *Sending- en Nasorglektuurfonds* het in 1964 ontstaan om te sorg vir voorsiening van Christelike lektuur soos benodig op die sendingveld.

2. Naam

Die Evangeliseringsmediafonds (EMF).

3. Doel

Die doel van die Evangeliseringsmediafonds is om lektuur en ander hulpmiddels beskikbaar te stel volgens die evangelisasie-, apologetiese en toerustingsbehoefte van die kerke.

4. Administrasie

4.1 Die administrasie van die finansies en die publikasies van die Evangeliseringsmediafonds word opgedra aan die Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Die Deputate ontvang jaarliks geouditeerde state waarin die stand van die fonds aangedui word.

5. Beheer

Die beheer en toesig oor die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds word deur die Deputate behartig wat tydens elke Nasionale Sinodesitting benoem word.

6. Samestelling van Deputate

6.1 Die Deputate bestaan uit vyf lede waarby die Direkteur van die Administratiewe Buro (ex officio) ingesluit is.

6.2 Twee van die lede moet verkieslik op Potchefstroom woon.

6.3 Ter wille van kontinuïteit moet ten minste twee lede herbenoem word.

6.4 Die Sinode wys sekundi Deputate aan om moontlike vakatures te kan vul.

6.5 Die Deputate konstitueer self en verkies 'n voorsitter, ondervoorsitter en skriba.

6.6 Die Deputate benoem 'n dagbestuur bestaande uit drie lede.

6.7 Die voorsitter van die Deputate is ex officio voorsitter van die dagbestuur.

7. Funkionering van Deputate

7.1 Die Deputate vergader so dikwels as nodig, maar ten minste een keer per jaar.

7.2 Wanneer nodig, belê die voorsitter en skriba 'n vergadering. Die dagbestuur het ook die reg om 'n vergadering op te roep.

7.3 Die Deputate kan magte en pligte aan die dagbestuur delegeer.

8. Opdragte en pligte van Deputate

8.1 Die Deputate hou toesig en oefen beheer uit oor die werksaamhede van die fonds.

8.2 Die Deputate bly verantwoordelik vir die insameling en besteding van die fondse.

8.3 Die Deputate is verantwoordelik om alle besluite wat die Nasionale Sinode ten opsigte van Evangeliseringsmedia neem, uit te voer.

8.4 Die Deputate sorg dat alle publikasies wat uitgegee word, keurig versorg en gedruk is.

8.5 Die Deputate sorg dat aan al die wetlike vereistes ten opsigte van publikasies voldoen word.

8.6 Die Deputate sorg dat alle handels- of besigheidsaangeleenthede in verband met die publikasies behartig word.

8.7 Die Deputate reël alle ter sake ooreenkomste; met die voorsitter en skriba wat alle ooreenkomste onderteken.

8.8 Die Deputate voer spesiale opdragte soos deur die Nasionale Sinode opgelê, uit.

9. Finansiering

9.1 Die Sinode voorsien die nodige fondse vir projekte wat opgedra word.

10. Ooreenkomste

Die Deputate het die magtiging om die volgende ooreenkomste aan te gaan:

10.1 Ooreenkomste ten opsigte van die druk van alle relevante publikasies.

10.2 Enige ander noodsaaklike ooreenkomste soos nodig vir die uitvoer van hul opdrag.

11. Rapport

Die Deputate lewer aan elke Nasionale Sinode volledig verslag oor al die werksaamhede van die Evangeliseringsmediafonds.

12. Wysiging van Reglement

Wysigings aan die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds kan alleen deur die Nasionale Sinode van die GKSA gedoen word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

4.2.4 Die Sinode keur die finansiële state van die Evangeliseringsmediafonds goed.

4.2.5 Die Sinode stel die Konsepreglement van die Evangeliseringsmediafonds vas as Reglement van die Evangeliseringsmediafonds.

Besluit: Goedgekeur.

4.3 Keuringsreglement

4.3.1 Die Deputate was van mening dat nuwe evangeliseringsliteratuur ook aan 'n keuringsproses onderwerp behoort te word. Daarom is besluit om 'n Keuringsreglement vir Evangeliseringsmedia op te stel.

4.3.2 Die volgende konsep-keuringsreglement word voorgelê vir goedkeuring en byvoeging by die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds:

EVANGELISERINGSMEDIAFONDS

KEURINGSREGLEMENT

In aansluiting by die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds word die volgende riglyne gestel ten opsigte van moontlike publikasies:

1. Inhoud van publikasie

1.1 Publikasies moet daarop gerig wees om 'n duidelike Bybelse appèl op die ongelowiges/buitekerklikes te hê.

1.2 Publikasies moet Skrifgefundeerd wees – in ooreenstemming met die Gereformeerde Belydenisskrifte.

1.3 Publikasies behoort begripsmatig aan te pas by die teikengroep waarop dit gerig is.

1.4 Publikasies moet aktueel wees.

1.5 Publikasies moet treffend wees – die hart aanraak.

2. Styl van publikasies

- 2.1 Publikasies moet gestruktureer word deur onder andere van subparagrafe met gepaste opskrifte gebruik te maak – sonder om dit totaal te versnipper. Sodanige raamwerk help om gedagtes te sistematiseer en te orden en bied vir die leser 'n paar springklippe deur die rivier.
- 2.2 Publikasies kan in Afrikaans, Engels of enige amptelike tale van ons land voorgelê word.
- 2.3 Die taalgebruik moet eietyds en leesbaar wees.
- 2.4 Geen afkortings moet gebruik word nie – ook nie vir Bybelboeke nie.
- 2.5 Tegniese terme moet omskryf word.
- 2.6 Ten opsigte van formatering geld dat twee spasies na 'n punt, dubbelpunt en kommapunt, maar net een spasie na 'n komma gelaat word.

3. Voorskrifte vir skrywers

- 3.1 Die manuskrip moet in A4-formaat wees, in dubbelspasiëring, met ruim kantlynspasies en slegs op een kant van die bladsy afgedruk.
- 3.2 Die manuskripte moet taalversorg en finaal geredigeer wees. Dit is die outeur se verantwoordelikheid. Die outeur moet asseblief ook meld wie die taalversorging gedoen het.
- 3.3 Twee kopieë van die manuskrip word by voorlegging verlang. Slegs op één titelblad van die vier kopieë moet die outeur se voorletters en van, en persoonlike e-posadres verskyn. Verstrek ook 'n privaat posadres, 'n telefoon- en faksnommer. Die titelblad van die ander kopie moet slegs die titel, en die teks van die manuskrip bevat.

4. Keuringsproses

- 4.1 'n Manuskrip word vir evaluering gewoonlik aan een keurder gestuur.
- 4.2 Die Deputate vir Evangeliseringsmedia neem gesamentlik 'n besluit oor wie vir 'n spesifieke publikasie as keurder genader word.
- 4.3 Die keurder word nie ingelig wie die outeur van die manuskrip is nie.
- 4.4 Die keurder se kommentaar tesame met 'n samevattende verslag word aan die Deputate vir Evangeliseringsmedia vir goedkeuring voorgelê.
- 4.5 Indien die aanduiding is dat die manuskrip bruikbaar is, word die manuskrip saam met ontvangende kommentaar van die keurder na die outeur terugverwys vir finale hersiening en redigering.
- 4.6 In die saamstel van die keurderskommentaar word gepoog om nie kwetsende kritiek na die outeur deur te gee nie. As 'n keurder egter met gegronde redes negatief oor 'n manuskrip oordeel, kan kritiek positief en liefdevol aan die skrywer oorgedra word (sonder om die persoon aan te val).

- 4.7 Nadat die keuringsproses afgehandel is, en die outeur die kommentaar verwerk het, moet 'n elektroniese kopie en 'n papierkopie aan die Deputate vir Evangeliseringsmedia gestuur word. Die elektroniese kopie moet op rekenaardisket gestuur word in die lêer-formaat van die woordverwerkingsprogram wat gebruik is met die naam en weergawe van die woordverwerkingsprogram, asook die lêernaam (byvoorbeeld WinWord 6.0a:Steyn.doc). Hierdie disket word nie aan die outeur terug besorg nie.
- 4.8 Die keurders ontvang geen vergoeding vir hul werk nie, behalwe dat 'n gratis kopie van die finale produk aan hulle verskaf word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 4.3.3 Die Sinode keur die Keuringsreglement goed en voeg dit by die Reglement van die Evangeliseringsmediafonds.

Besluit: Goedgekeur.

4.4 *Samewerking met Redaksiekommissies*

- 4.4.1 Gesprek is gevoer met die voorsitter van die Deputate Kerklike Tydskrifte, ds NW Lighthelm, om 'n moontlike werkswyse te bepaal. Hy het egter aangedui dat hulle nie verantwoordelik is om publikasies anders as tydskrifte uit te gee nie.
- 4.4.2 Die Deputate het geoordeel dat dit nie nodig is om die saak verder te ontgin nie, aangesien nuwe literatuur ook op ander maniere ontgin kan word.

Aanbeveling

Besluit: Kennis geneem.

- 4.4.3 Die Sinode keur die Deputate se optrede goed.

Besluit: Goedgekeur.

4.5 *Versoeke aan Kerkrade/individue*

- 4.5.1 Gesprek is met verskeie individue asook met verskillende Kerkrade gevoer in 'n poging om materiaal te bekom.
- 4.5.2 Met die opstel van die hierdie Rapport is die proses nog aan die gang om die literatuur te versamel en voor te berei vir beskikbaarstelling. Hieroor sal aanvullend gerapporteer word indien nodig.

Besluit: Kennis geneem.

4.6 *Nuwe publikasies*

- 4.6.1 'n Bundeltjie (*Bybelse geskiedenis in vrae en antwoorde*) is van die Sendingaksie Noord-Magalies ontvang vir moontlike uitgawe.
- 4.6.2 Die manuskrip word tans gekeur en daar sal aanvullend gerapporteer word indien nodig.

Besluit: Kennis geneem.

4.7 *Samestelling van Meesterlêer*

- 4.7.1 Sinode Handeling vanaf 1939 is deurgewerk om oorsig te verkry oor publikasies wat reeds beskikbaar gestel is.
- 4.7.2 Daar is gepoog om in JL Cachet-biblioteek alle beskikbare literatuur te identifiseer.
- 4.7.3 Literatuur is deurgewerk om geskiktheid vir vandag te bepaal.
- 4.7.4 Weens die omvang van die beskikbare literatuur is besluit om die literatuur stelselmatig te verwerk en beskikbaar te stel.

4.7.5 Met die opstel van hierdie Rapport is die eerste bundel literatuur nog in proses om afgehandel te word.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

4.7.6 Daar word aanvullend oor hierdie saak gerapporteer.

Besluit: Kennis geneem.

4.8 *Gebruik van Missiodex-databasis*

4.8.1 Die gedagte rondom die Missiodex-databasis was om dit te gebruik as algemeen-beskikbare databasis van relevante evangeliseringsmateriaal wat toeganklik is vir alle gemeentes via die Noordwes Universiteit se webblad.

4.8.2 Die opdatering van die Missiodex-databasis is egter na die afsterwe van dr D Kempff gestaak.

4.8.3 Gesprek is met personeellede van Ferdinand Postma-biblioteek gevoer oor die moontlike opdatering van die Missiodex-databasis. Uit die gesprekke blyk dat die koste hieraan verbonde redelik groot is.

4.8.4 Die Missiodex-databasis is ook nie meer deel van die NWU se katalogi op hul webblad nie.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

4.8.5 Die Sinode stap van hierdie saak af.

Besluit: Goedgekeur.

4.9 *Indeks van literatuur, gebruik van Internet, beskikbaarstelling van CD*

4.9.1 Die uitvoering van hierdie opdragte hang saam met die samestelling van die meesterlêer.

4.9.2 Sodra die eerste bundel literatuur in die meesterlêer gefinaliseer is, sal die opdragte uitgevoer word.

Besluit: Kennis geneem.

5. Elektroniese posbus vir elke Kerkraad

5.1 Die Deputate het met verloop van hul werksaamhede al meer ervaar hoe nodig dit geword het dat elke Kerkraad 'n e-posadres vir verspreiding van literatuur en vir kontak het.

5.2 Daarom word in lyn met die aanbeveling van Sinode dat elke Kerkraad 'n e-posbus moet hê (Acta:1951, 341-342), die Sinode versoek om weer 'n aanbeveling aan elke Kerkraad te maak om behalwe vir 'n Posbus ook 'n e-posadres te hê.

Aanbeveling

5.3 Die Sinode versoek elke Kerkraad om 'n e-posadres beskikbaar te hê.

Besluit: Goedgekeur.

6. Samestelling van Deputategroep

6.1 Die huidige samestelling van hierdie Deputate en die wyduiteenlopende veld van opdragte is vir die Deputate 'n bron van kommer.

6.2 In die verlede is die werk wat nou deur hierdie enkele Deputategroep gedoen moes word, deur vier verskillende groepe gedoen wat elk uit 'n paar lede bestaan het.

6.3 Die gevolg van hierdie vermindering in persone wat betrokke is, is dat elke Deputaat volle verantwoordelikheid moes neem vir 'n spesifieke tipe publikasie. Van hierdie een persoon is nou verwag om alle administrasie, versorging, uitbou en ontwikkeling van die betrokke tipe publikasies te behartig.

- 6.4 Gesien bogenoemde situasie is die Deputate bekommerd dat die potensiaal van elke tipe publikasie om 'n inpak in God se Koninkryk te maak, nie benut word nie.
- 6.5 Daarmee saam is die Deputate van oordeel dat kundiges op die gebied van kommunikasie en grafiese ontwerp ook by hierdie Deputaatskap betrek behoort te word om die potensiaal van die hedendaagse kommunikasiemedia werklik te benut.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbevelings

- 6.6 'n Deputategroep bestaande uit 8 persone (met koöpteringsreg) word saamgestel. 'n Voorsitter (wat KO boekie hanteer), 'n skriba (wat slegs die skribaat hanteer), 2 lede vir die CJBF, 2 lede vir die Evangeliseringsmedia, die Direkteur van die Administratiewe Buro, en ook 1 lid van die Bestuur van die Administratiewe Buro. Ds GJ Meijer is die sameroeper.

Besluit: Goedgekeur soos gewysig. (Wysigings hierbo aangebring.)

7. Opdragte

Die Sinode wys – met inagneming van die Reglemente van die CJBF, TF en EMF en met inagneming van die besluite in 6 hierbo – Deputate aan met die volgende opdragte:

- 7.1 Voer alle opdragte in lyn met die Reglement van die CJBF uit.
- 7.2 Voer alle opdragte in lyn met die Reglement van die TF uit.
- 7.3 Voer alle opdragte in lyn met die Reglement van die EMF uit.
- 7.4 Stel die Psalmboek beskikbaar ooreenkomstig die welomskrewe opdrag van Sinode.
- 7.5 Sien toe dat die Engelse vertaling van die Kerkorde gedruk en elektronies versprei word.
- 7.6 Stel nuwe wysigings, byvoegings of weglatings na aanleiding van Sinode 2006 binne ses maande na die afloop van Sinode 2006 beskikbaar.
- 7.7 Vertaal die Bylaes by die Kerkorde-artikels (Kerkorde-boekie (p 32-61), sowel as Konsepvorms (Kerkorde-boekie p 65-79) en Ondertekeningformuliere (Kerkorde-boekie p 83-85) tesame met die wysigings na aanleiding van Sinode 2006 in Engels en publiseer die vertaling.
- 7.8 Sien toe dat alle noodsaaklike naams- en ander veranderinge (3.5) in die Kerkorde-boekie aangebring word.
- 7.9 Indekseer – in oorleg met ds PK Lourens, wat die besluite tot en met 1988 geïndekseer het – die Sinodebesluite vanaf 1991 tot en met 2006 en publiseer sodanige indeks op sinvolle wyses.

F. AANVULLENDE RAPPORT

1. CALVYN-JUBILEUMBOEKEFONDS (CJBF)

1.1 *Finansies: CJBF & Totiusfonds (in aansluiting by 2.3-2.4 van Rapport)*

- 1.1.1 Die Deputate het ook vir die jaar geëindig 30 Junie 2005 terugvoer ontvang aangaande die stand van beide fondse.
- 1.1.2 Beide fondse is tans redelik groot, wat deels 'n gevolg is van die feit dat die Deputate eers al die nodige voorbereidingswerk gedoen het om publikasies die lig te kan laat sien.
- 1.1.3 Tans is verskeie publikasies in druk en fondse behoort al meer gebruik te word.

1.1.4 Daar moet in gedagte gehou word dat die bedrae ter sprake in hierdie fondse relatief klein is wanneer die uitgee van publikasies ter sake is.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

1.1.5 Die Sinode keur die finansiële state van die CJBF goed.

Besluit: Goedgekeur.

1.2 *Keuring van preke (in aansluiting by 2.5 en 2.6.6 van Rapport)*

1.2.1 Die Deputate het aandag gegee aan die vraag hoe die keuring van preke/preekbundels behoort te geskied.

1.2.2 Aangesien kerkrade reeds betrokke is by beoordeling van preke via toesig oor Woordbediening, is die Deputate van oordeel dat Kerkrade – en nié die CJBF-deputate – primêr verantwoordelik behoort te wees vir keuring van preke wat vir publisering beskikbaar gestel word.

1.2.3 Die Deputate is van mening dat die riglyne soos vasgestel deur die Kuratore vir die beoordeling van preke van Teologiese Studente, nuttig deur Kerkrade gebruik kan word in hul beoordeling van preke wat vir publikasie voorgelê word.

1.2.4 Die Deputate is van oordeel dat wanneer preke vir publikasie aan die CJBF-deputate voorgelê word, dit vergesel behoort te word van 'n kort aanbeveling van die Kerkraad verantwoordelik vir toesig oor die betrokke predikant.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

1.2.5 Die Sinode keur bogenoemde keuringsproses vir preke goed.

Besluit: Goedgekeur.

1.3 *Nuwe publikasies (in aansluiting by 2.6 van Rapport)*

1.3.1 Na finalisering van die Rapport is enkele publikasies ontvang, naamlik:

1.3.1.1 'n Engelse vertaling van mev Jansie van der Walt se jeugroman oor die lewe van Calvyn.

1.3.1.2 *Van Jesus gepraat* – sr Willemien van Heyningen.

1.3.2 Die Deputate is ten tye van die opstel van hierdie Aanvullende Rapport besig met die nodige reëlings insake keuring en/of publisering.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

1.3.3 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

Besluit: Goedgekeur.

1.4 *Psalmboeke – voorraad voorhande (in aansluiting by 2.7–2.9 van Rapport)*

1.4.1 Om die Sinode in staat te stel om 'n sinvolle opdrag te gee ten opsigte van die publikasie van Psalmboeke, word die volgende syfers beskikbaar gestel ten opsigte van die voorraad Psalmboeke voorhande ten tye van die opstel van hierdie Aanvullende Rapport:

TIPE PSALMBOEK	OPLAAG GEDRUK	VOORRAAD VOORHANDE
5 ^{de} Hersiene uitgawe van Psalmboek (2001)	3 780	3
Psalmboek (2003) – Standaard	35 400	8 157
Psalmboek (2003) – Grootdruk	4 239	1 674
Psalmboek (2003) – Standaard – luuks	2 000	784
Psalmboek (2003) – Grootdruk – luuks	1 000	641

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 1.4.2 Die Sinode neem die gegewens aangaande voorraad in ag wanneer moontlike opdragte ten opsigte van die herdruk van Psalmboeke geformuleer word.

Besluit: Goedgekeur.

1.5 *Foute in formulering van Kerkorde agter in Psalmboek (2003)*

- 1.5.1 Die Deputate is daarop gewys dat verskillende foute voorkom in die Kerkorde soos gedruk agter in Psalmboek (2003).

- 1.5.2 Die Deputate het geoordeel dat dié foute in 'n volgende uitgawe gekorrigeer behoort te word, maar het intussen alle kerke aangaande dié foute ingelig.

Besluit: Kennis geneem.

Aanbeveling

- 1.5.3 Die Sinode keur die optrede van die Deputate goed.

Dr CJ Smit het die Kommissie op die volgende gewys: In die nuwe Kerkorde-Boekie en Kerkorde weergawe agter in die Psalmboek word die volgende wysigings aangebring waarvoor Sinode 1997 reeds besluite geneem het:

- (i) Artikel 61: Die woorde “(van dieselfde kerkverband)” moet weggelaat word (Acta 1997:531-535).
- (ii) Artikel 76 en 77: Die woord: “sakramente” moet verander word na “nagmaal” (Acta 1997:535,536).
- (iii) Artikel 41: Die woorde: “(en dit mag nie meer as drie maande uitgestel word nie)” moet weggelaat word (Acta 1964:73 pt.G en H in konteks met die opdrag p. 52, 53 onder D pt 2).
- (iv) Opdrag word gegee aan die Deputate CJBF om die genoemde wysigings aan te bring en 'n meesterskopie by die Administratiewe Buro aan te hou waarop alle aktuele wysigings bygehou word.

Besluit: Goedgekeur.

2. EVANGELISERINGSMEDIA

2.1 *Nuwe publikasies (in aansluiting by 4.6 van Rapport)*

- 2.1.1 Na finalisering van die Rapport is 'n reeks pamflette van ds WL Kurpershoek ontvang wat gekeur is en tans vir publikasie voorberei word.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Samestelling van Meesterlêer en beskikbaarstelling (in aansluiting by 4.7, 4.9 van Rapport)*

- 2.2.1 Met die opstel van hierdie Rapport word die literatuur gefinaliseer en sal DV ten tye van Sinode 2006 beskikbaar gestel word.

Besluit: Kennis geneem.

22.4 RAPPORT DEPUTATE : INTERNET (Artt 76, 292)

- A. Ds HF van Wyk stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Media en Publikasies. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Ds IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie Media en Publikasies.
- D. Ds W Vogel rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. RAPPORT

1. Opdrag

(Acta 2003:737)

Deputate word aangewys met die volgende opdrag:

- 1.1 Om die huidige webblaaie (www.gksa.co.za) in stand te hou en verder uit te bou na die eis van omstandighede.
- 1.2 Om met alle Deputate te skakel en hulle inligting op die webblad (www.gksa.co.za) te publiseer vir gebruik deur alle kerke in die GKSA.
- 1.3 Om ondersoek te doen na rekenaarprogramme en inligting oor die programme aan die kerke deur te gee.
- 1.4 Om met alle gemeentes te skakel met eie tuisblaaie en die inligting aan alle kerke deur te gee.
- 1.5 Om met alle gemeentes te skakel en hul te motiveer om in te skakel by die inskakeldiens van die GKSA (www.gksa.co.za). Motivering: dit het 'n klein finansiële voordeel vir die kerke en die Administratiewe Buro.
- 1.6 Ondersoek instel na die volgende sake, en indien dit wel uitvoerbaar is, te implementeer:
 - 1.6.1 Katkisasiewerkboeke in geprogrammeerde elektroniese formaat aan kinders beskikbaar te stel wat katkisasievoorbereiding binne hulle leefwêreld bring en bevorderlik kan wees vir goeie voorbereiding.
 - 1.6.2 Programme om die Belydenisskrifte (beter) te leer ken, te ontwikkel.
 - 1.6.3 Programme om die Bybelkennis van kinders (en ook volwassenes) uit te bou, te ontwikkel.
 - 1.6.4 Advies aan kerke te gee oor die sterk en swak punte van beskikbare gemeenteadministrasieprogramme. Wanneer 'n gemeente oorweeg om hulle gemeenteadministrasie te rekenariseer of om 'n nuwe program aan te skaf of te ontwikkel, kan sulke inligting van kundiges baie waardevol wees.
 - 1.6.5 Advies te gee oor finansiële pakkette wat sinvol deur kerke gebruik kan word.
 - 1.6.6 Advies te gee na konsultasie met gemeentes aan ontwikkelaars van gemeenteadministrasieprogramme.
- 1.7 Die rol wat elektroniese kommunikasiehulpmiddels kan speel, verder te ontgin. Enige ander aspekte van IT en kommunikasie moet in diens van die koninkryk van God aangewend word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode kennis moet neem

- 2.1 As gevolg van die verspreidheid van die Deputate het hulle nie fisies vergader nie. Daar is wel 'n telefoonkonferensie gebou – maar as gevolg van die visuele aard van die taak van die opdrag, kan daar nie op hierdie wyse vergader word nie.

- 2.2 Daar is verskeie keer kritiek (opbouend en afbrekend) gelewer oor die webblad. Alle korrespondensie is oorweeg en via e-pos bespreek.
- 2.3 Aangeheg is kwotasies sou die webblad deur professionele persone ontwerp en in stand gehou word.

Besluit: Kennis geneem.

3. Uitvoering van opdragte

- 3.1 Opdragte 1.1, 1.3 en 1.4 is uitgevoer. Daar is 'n Poslys ingestel wat ongeveer 330 lede het, asook 'n Forum vir diskussies, met ongeveer 110 lede.
- 3.2 Opdrag 1.2: Die Deputate is gekontak. Slegs CO het gebruik gemaak van die blad. SDDS het ook navraag gedoen. Geen ander Deputate het gereageer nie.
- 3.3 Opdrag 1.5. Met die verskuiwing van diensverskaffer het die persone wat wel ingeskakel was, van diensverskaffer verander. Die nuwe diensverskaffer het oënskynlik nie die inskakeling en die administrasie oorgeneem nie,
- 3.4 Opdrag 1.6:
 - 3.4.1 Dit is wel moontlik om die Katkisasiehandleidings interaktief op die webblad te plaas. Die taak om die Handleidings voor te berei, is baie omvangryk. (Daar is ± 285 lesse [slegs Katkisant]. Elke les sal ongeveer 6 ure neem om voor te berei. Die interaktiewe kontrolering per les sal van geval tot geval verskil). Die Handleidings is egter nie afgehandel nie. Aangesien kontrole oor die begrip van die inhoud van die Handleidings nodig is, sal die Sinode moet besluit aan wie die opdrag gegee moet word om die “onderrig” te behartig. Hoe meer persone interaktief inskakel, hoe groter die werkklas.
 - 3.4.2 Ontwikkeling van Bybelkennis en Belydenisskrifte is baie tydsaam. Die Deputate het dit nie verder ondersoek nie.
 - 3.4.3 Geen advies is gevra oor gemeenteprogramme of finansiële pakkette nie. Daar is wel skakels op die webblad aangebring na webwerwe wat programmatuur bevat.
- 3.5 Opdrag 1.7: met die ontwikkeling van die Internet is audio- en video-kommunikasie baie maklik. Skakels na sodanige programme wat gemeentes gratis kan gebruik, is op die webblad aangebring.
- 3.6 Om al die opdragte uit te voer, is 'n voltydse taak. Dit is vir die Deputate feitlik onmoontlik om hierdie taak behoorlik op 'n deelydse basis uit te voer.

Besluit: Kennis geneem.

4. Sake waaroor die Sinode moet besluit

- 4.1 Die opdrag van die Deputate soos in punt 1 kontinueer.
- 4.2 Dat die Sinode goedkeur dat die Administratiewe Buro begroot vir sagteware en ander uitgawes soos wat dit nodig is om die kwaliteit van die webwerf op datum te hou.

Besluit: Goedgekeur.

F. AANVULLENDE RAPPORT

1. Sake waarvan die Sinode kan kennis neem

Die GKSA webwerf is herbou tot 'n eenvormige webblad. Ons het die volgende uitgangspunte gebruik:

- 1.1 Eenvoud – sonder eenvoudigheid. Die webblad moet maklik verbruikersvriendelik wees.

- 1.2 Doelmatig. Ons wil nie net die webblad gebruik om 'n vertoonvenster van die kerke te wees nie, maar ook om die gemeentes te dien. Die volgende funksies is beskikbaar:
- 1.2.1 Gemeentebesonderhede. Gemeentebesonderhede word vertoon en gemeentes kan dit self in stand hou. Enige gemeente kan ook gesoek word met 'n maklike soekfunksie.
 - 1.2.2 Vorms. Alle vorms wat gemeentes nodig het, is op die webwerf beskikbaar, ook sustentasie waar die nuutste vorm jaarliks beskikbaar is.
 - 1.2.3 Boekbestellings. Alle boeke, Katkisasiehandleidings en Bybels kan nou via die webblad bestel word.
 - 1.2.4 Kerklike tydskrifte. Op die webblad word maandeliks 'n apytwekker geplaas vir die nuutste kerklike tydskrifte. Daar is ook 'n intekenvorm vir die kerklike tydskrifte. Verder is daar die moontlikheid om in te teken op die tydskrifte in elektroniese formaat, wat veral gerig is op buitelandse lesers.
 - 1.2.5 Bediening. Daar is skakels aangebring na gemeentes wat 'n eie webwerf het, en preke en ander lektuur daar beskikbaar stel. Daar is ook evangelisatielektuur, asook inligting oor kultegroepes – veral gerig om in gesprek met sulke groepe te tree.
 - 1.2.6 Poslyste. Daar is verskillende poslyste waarby enige persoon kan inskakel. Die gewildste is die poslys, waar Beroepenuus en ander nuusbrokkies met mekaar gedeel word.

Besluit: Kennis geneem.

2. Aanbevelings

- 2.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor ds Hennie van Wyk vir die onbaatsugtige werk wat hy ten opsigte van die Webblad van die GKSA verrig. Dank word ook aan br Floris Kruger (Port Elizabeth) betuig vir sy hulp in hierdie verband.
- 2.2 Die Sinode gee opdrag dat toereikende fondse beskikbaar gestel word aan die deputate (bv uit die surplus fondse van die Almanak) ten einde 'n waardige en funksionele teenwoordigheid vir die GKSA op die Internet te verseker. 'n Toepaslike begroting met die oog hierop moet deur die Deputate by die Administratiewe Buro ingedien word.
- 2.3 Een lid van elke Deputaatskap moet aangewys word om aandag te gee aan die betrokke Deputaatskap se Internet verantwoordelikhede en om met die Deputate Internet te skakel.

Besluit: Goedgekeur.

22.5 RAPPORT DEPUTATE RADIO EN TV-UITSENDINGS (Art 77)

- A. Ds HJP de Beer stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. RAPPORT

1. Opdrag

Om in samewerking met Radio Pretoria, asook SABC en CNW en ander gelisensieerde uitsaaiers met wie amptelike samewerkingsooreenkomste bestaan, die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdienprogramme oor Radio en TV te reël (Acta 2003:690).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake om van kennis te neem

2.1 *Uitvoering van opdrag*

Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdienprogramme is met Radio Pretoria en CNW-RADIOKANSEL wat via Radio Sonder Grense uitsaai, gereël.

2.2 *Uitsaaigeleenthede*

2.2.1 RSG

Jaarliks word met klein wysigings die volgende uitsaaigeleenthede aan die GKSA toegeken:

- (a) Eredienste – 6 geleenthede (3 oggend en 3 aand)
- (b) Gedagtes vir die dag – 4 geleenthede
- (c) Oggendgodsdien – 3 geleenthede
- (d) Aandoordenkings – 4 geleenthede
- (e) Lig uit Woord – 4 geleenthede (oggend en aand)

Bogenoemde geleenthede wat aan die GKSA toegeken en gevolglik jaarliks gebruik word, verteenwoordig 3,6 % van die totale godsdiengeleenthede op RSG.

Kerknuus word gereeld Sondae-oggende op RSG uitgesaai soos dit vanaf die Administratiewe Buro beskikbaar is.

Dr PP Kruger het, as amptelike verteenwoordiger van die GKSA tov Radio en TV-uitsendings, die vergaderings van CNW-RADIOKANSEL se teologiese adviesforum bygewoon en die nodige insette gelewer.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.2 Radio Pretoria

Huidig word aan die GKSA op gelyke basis met die NGK, NHK en APK geleenthede toegeken vir godsdienuitsendings op die spesifieke stasie. Dit beteken dat ongeveer 12 of selfs 13 weke per jaar deur Radio Pretoria aan die GKSA toegeken word. Hierdie geleenthede word jaarliks deur die GKSA vir uitsendings gebruik. 'n Week se uitsending behels 'n oggend-eredien op die Sondag en daaglikse dagopenings, dagsluitings, huisgodsdienste en oggendgodsdienste op die weekdae.

Aand-eredienste is ateljeedienste wat maandeliks om die beurt aan die verskillende kerke toegeken word. Dit beteken dat die GKSA 4 of 5 Sondae agtereenvolgend die geleentheid ontvang (elke 4de maand) om die aand-

eredienste waar te neem. In die prediking word huidig aan die NGB aandag gegee.

Die reëling met kerke kan ongelukkig slegs binne 'n radius van 150 km van Radio Pretoria vanweë die reiskoste geskied. Kerke buite die radius wat graag 'n uitsaaigeleentheid wil benut en so 'n versoek aan die Deputate rig, moet bereid wees om die reiskoste wat die 150 km oorskry, te delg.

Kerknuus word gereeld Sondag-oggende uitgesaai soos dit vanaf die Administratiewe Buro beskikbaar is.

Ds HJP de Beer het, as amptelike verteenwoordiger van die GKSA tov Radio en TV uitsendings, die vergaderings van Radio Pretoria se godsdienksomitee bygewoon en die nodige insette gelewer.

Besluit: Kennis geneem.

2.2.3 SABC TV

Ten opsigte van TV het die Deputate geen versoek ontvang om vanuit die Gereformeerde Kerke 'n uitsending te reël nie.

Besluit: Kennis geneem.

3. Sake om oor te besluit

- 3.1 Dat Deputate weer opdrag sal ontvang om in samewerking met Radio Pretoria, asook SABC en CNW-RADIOKANSEL en ander gelisensieerde uitsaaiers met wie amptelike samewerkingsooreenkomste bestaan, die uitsending van Gereformeerde eredienste, kerknuus en deelname aan godsdienprogramme oor Radio en TV te reël.
- 3.2 Dat ds HJP de Beer as verteenwoordiger van die GKSA op 'n subkomitee van die Raad van Radiokansel/CNW Media, genaamd die Teologiese Advieskomitee (TAK), as deel van 'n paneel bestaande uit 12 denominasies en organisasies, aangewys word.
- 3.3 Dat die name van medewerkers uit Gereformeerde kerkverband tov uitsaaigeleenthede deur die Deputate aan die betrokke instansies deurgegee word.
- 3.4 Dat die vergadering oorweging skenk daaraan om aan dr Flip Loots van CNW-RADIOKANSEL 'n geleentheid te gee om die vergadering toe te spreek rakende CNW-RADIOKANSEL.

Besluit: Goedgekeur.

22.6 RAPPORT DEPUTATE VIR DIE UITGEE VAN DIE HANDELINGE (Artt 78, 227, 242)

- A. Br HSJ Vorster stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Media en Publikasies. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- C. Ds IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie Media en Publikasies.
- D. Ds W Vogel rapporteer namens die Kommissie Finansies.

E. RAPPORT

1. Opdrag

Kyk Acta 2003:707.

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake waarvan die Sinode moet kennis neem

- 2.1 Die Handeling van die Sinode in 2003 is uitgegee volgens die handleiding wat deur die Sinode van 1985 vasgestel is (Acta 1985:51-53).
- 2.2 Volgens vorige Sinodebesluite is die volgende sake gehanteer:
 - 2.2.1 Handeling 2003 is van 'n alfabetiese indeks voorsien, asook 'n register van artikels voor in die Handeling, soos dit in volgorde op die Sinode gedien het (Acta 1994:630, 631).
 - 2.2.2 Die tersaaklike Notule-artikels is by elke saak aangedui (Acta 1994:630).
 - 2.2.3 Opdragte waarvoor besluit is na Artikel 231 van die Notule, is deur die Deputate onder die betrokke Deputategroepe aangeteken (Acta 1997:946).
 - 2.2.4 Slegs 500 eksemplare (eksemplare aan Kerkrade, pligeksemplare en bestellings) van die Handeling is gedruk. Geen eksemplare van die Handeling 2003 is meer beskikbaar nie.
 - 2.2.5 128 bestellings vir die Handeling op laserskyf is uitgestuur. Op hierdie laserskyf is die Handeling van 1997 en 2000 ook gekopieer.

Besluit: Goedgekeur.

3. Sake waarvoor die Sinode moet besluit

- 3.1 Die Sinode benoem weer Deputate vir die uitgee van die Handeling volgens die riglyne van Sinode 1985 (Acta 1985:51-53).
- 3.2 *Die Sinode begroot vir die volgende uitgawes*
 - 3.2.1 Koste verbonde aan die publikasie van die Handeling.
 - 3.2.1.1 Word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro saam met die Deputate vir Uitgee van die Handeling. Daar word weer slegs die nodige aantal eksemplare gedruk.
 - 3.2.1.2 Die Handeling word weer op laserskyf beskikbaar gestel. Alle Handeling wat elektronies beskikbaar is sal ook op die laserskyf beskikbaar gestel word.
 - 3.2.2 Fondse vir taalkundige versorging.
 - 3.2.3 Reiskoste vir Deputate.
- 3.2.4 Dat die Kerkorde-boekie, waar nodig, dadelik bygewerk word en dan saam met die Handeling op die laserskyf beskikbaar gestel word.

Besluit: Word verwys na Deputate CJBF vir afhandeling.

4. Aanbevelings oor Handeling 2003

In die lig van bogenoemde word aanbeveel dat die Deputate vir die Uitgee van die Handeling (2006 sowel as 2003) opdrag kry om 'n volledige revisie van Handeling 2003 vanaf die handgeskrewe notule te doen en 'n volledige errata beskikbaar te stel.

Besluit: Goedgekeur.

5. Praktiese uitvoering van Errata Handeling 2003

5.1 Die Notule van Sinode 2003 is die amptelike dokument en die Notule is beskikbaar.

5.2 Die Sinode gee opdrag aan die Deputate vir die Uitgee van Handeling 2006 om:

5.2.1 Die Handeling 2003 en 2006 saam op CD beskikbaar te stel.

5.2.2 Die errata van 2003 in plakkervorm in dieselfde formaat as die gedrukte kopie, beskikbaar te stel.

5.2.3 Die errata van 2003 ook in Handeling 2006 op te neem.

Besluit: Goedgekeur.

22.7 RAPPORT DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE – DIE SLINGERVEL (Artt 79, 176)

- A. Ds NW Ligthelm stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Media en Publikasies.
- C. Ds IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie Media en Publikasies.

D. RAPPORT

1. Die redaksionele beleid 2003 tot 2006

1.1 *Inleidend*

Die *Slingervel* word onder toesig van die Deputate Publikasies van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) met die hulp van die Redaksiekommissie as 'n kerklike publikasie vir die skoolgaande jeug uitgegee. Die *Slingervel* is nie 'n amptelike mondstuk van die GKSA nie, maar die GKSA is wel die eienaars en uitgewers van die *Slingervel*.

Besluit: Kennis geneem.

1.2 *Doelstellings*

- 1.2.1 Om die lesers, die skoolgaande kerkjeug, elk in sy eie wordingsfase, te begelei in die Skrifwaarhede wat vir hulle in die tyd waarin hulle leef van toepassing is.
- 1.2.2 Punt 1.2.1 te verwerklik by wyse van Skrifoordenkinge, artikels en rubrieke waarin die problematiek van die kerkjeug telkens aan die orde kom.
- 1.2.3 Om ook ontspanningsmateriaal te bied by wyse van blokkiesraaisels in verskillende vorme, vasvra-rubrieke, teken- en inkleurprente.
- 1.2.4 Om vir die kleuters en vroeë laerskolers 'n oorspronklike storie te publiseer.
- 1.2.5 Om by wyse van 'n penmaat- en 'n e-maatrubriek, 'n briewebus en 'n verjaardaghoekie die lesers se deelname te prikkel en aan te moedig.
- 1.2.6 Om ook te sorg vir 'n pretbladsy op 'n gesonde en gebalanseerde wyse.
- 1.2.7 Om voorsiening te maak vir maats se eie werk.
- 1.2.8 Om by wyse van rubrieke en artikels die gebruik van Afrikaans as die lesers se moedertaal te bevorder en te vestig.
- 1.2.9 Om met moderne joernalistieke aanpak die *Slingervel* se uitleg en aanbieding in te klee op 'n wyse wat vir die teikengroep prikkelend en aantreklik is.
- 1.2.10 Om die lesertal van die *Slingervel* met doelgerigte bemarkingsprojekte te verhoog.
- 1.2.11 Om op 'n gereelde basis die *Slingervel* te evalueer in die lig van die heersende lewensmilieu van die skoolgaande jeug.

Besluit: Kennis geneem.

2. Die Redaksie 2003 tot 2006

Dr Nico van der Merwe (Redakteur - Klerksdorp), Joey Fourie (Tipografie & uitleg - Potchefstroom), Riana Jonker (Verjaardaghoekie - Krugersdorp), Marina Kotze (Junior Rubrieke & Penmaatrubriek - Klerksdorp), Susan Lourens (Surita se Tienergesprekslyn & Boekerubriek - Potchefstroom), Rina Myburgh (Raaisels en kopkrappers - Potchefstroom), Tersia van der Merwe (Raaisels en kopkrappers - Klerksdorp), Attie Venter (Wetenskapartikels - Potchefstroom), Rika du Plessis (Stories & Vervolgverhale - Thabazimbi), Hannatjie Vorster (Ditta se Tienerforum - Potchefstroom).

Besluit: Kennis geneem.

3. Uitvoering van die opdrag

- 3.1 Die *Slingervel* het gereeld maandeliks verskyn en die ywer, toewyding, entoesiasme en oorgawe van die hele redaksie moet hier met dankbaarheid teenoor hulle gemeld word. 'n Spesiale woord van dank van die kant van die Sinode is hier gepas.
- 3.2 Die Redaksie het gepoog om so getrou as moontlik die doelstellings in die redaksionele beleid te verwesenlik. Aan doelgerigte bemarkingsprojekte (1.2.9) vir *Slingervel* alleen, is ongelukkig nie individueel aandag gegee nie. Dit is 'n tekortkoming wat gedurende die volgende termyn dringend aandag sal moet ontvang.
- 3.3 Daar is weer eens baie moeite gedoen om in die *Slingervel* vir die tieners en hulle behoeftes iets besonders te bied, sonder om die juniorgroepe se inhoud te verskraal of af te skeep, sodat die inhoud van die *Slingervel* die verbondsjeug van kleuter deur puberteit tot adolessensie op een of ander wyse aanspreek. Daar is met 'n spesiale vervolghverhaal vir die tieners begin.
- 3.4 Die Redaksie het probeer om die balans te handhaaf tussen die godsdienstige inhoud van die blad en ook ander leesstof met 'n Christelike en speelse inhoud. Te alle tye is gepoog om die Christelike karakter van die *Slingervel* te eerbiedig en uit te bou.
- 3.5 Daar is ruim geleentheid gebied vir deelname deur die lesers en veral hulle doen en late asook eie werk. Die rubrieke Tienerforum en Tienergesprekslyn is gerig op tienervraagstukke.
- 3.6 Die reaksie van die lesers was redelik. Ver al met die beskikbaarheid van die Internet is op 'n e-posvlak met die lesers gekorrespondeer.
- 3.7 Wat die voorkoms van die *Slingervel* betref word tans van 8 bladsy in volkleur gebruik gemaak.

Besluit: (i) Kennis geneem.

- (ii) **Die Redakteur van *Die Kerkblad* onderneem, in samewerking met die Deputate vir Publikasies, asook die redaksies van die ander Kerklike Tydskrifte en in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro, 'n diepgaande en indringende ondersoek na die formaat van die voortbestaan van al ons Kerklike Tydskrifte. Vir die doel van hierdie ondersoek moet kundige lidmate vanuit die Kommunikasiebedryf betrek word.**

22.8 RAPPORT DEPUTATE KERKLIKE TYDSKRIFTE – DIE GEREFORMEERDE VROUEBLAD (Artt 80, 177)

- A. Ds NW Ligthelm stel die Rapport.
- B. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Media en Publikasies.
- C. Ds IW Ferreira rapporteer namens die Kommissie Media en Publikasies.

D. RAPPORT

1. Samestelling van die Redaksie

Die Redaksiekommissie van *Die Gereformeerde Vroueblad* bestaan tans uit die volgende lede: Dr Marina van Loggerenberg (Voorsitter en Redakteur), me Corli le Roux (Sekretaresse), Prof Jacques van der Elst, Ds Nico Botha, Karien Brink (as grafiese ontwerper en kunstenaar slegs in adviserende hoedanigheid) en me Ann Ramage. Me Wilna Pretorius het gedurende 2005 van die Redaksie bedank en ten minste twee nuwe lede moet aangewys word.

Dr Marina van Loggerenberg het vanaf 1 April 2002 die Redakteurswerk gedoen. Die intense betrokkenheid by hulle voltydse daaglikse werk en die verspreidwoning van die nuwe redaksie (Potchefstroom, Randburg en later ook Pretoria) het uit die aard van die saak die gereelde byeenkoms van al die lede vir vergaderings belemmer, maar deur middel van e-pos en telefoonkonferensies kon die mas darem opgekom word. Dr Van Loggerenberg se uittrede uit die diens van die Universiteit van Johannesburg sal voortaan die sake vergemaklik, omdat sy dan hopelik meer voltyds aandag aan die redaksionele werk kan gee.

Besluit: Kennis geneem.

2. Publikasie

- 2.1 *Die Gereformeerde Vroueblad* het na 60 jaar al onomstootlik bewys dat dit bestaansreg het en in sy huidige vorm moet voortbestaan. Daar word 'n feesuitgawe beplan om die 60e verjaarsdag van *Die Gereformeerde Vroueblad* te gedenk. Die afgelope termyn het getoon dat vernuwing baie positief ontvang is, en van oral het daar baie aanmoedigende kommentaar gekom.
- 2.2 Binne die breëre kerkverband bestaan waardering vir die inhoud en aanslag van *Die Gereformeerde Vroueblad*. Vroue- sowel as manslidmate lees die blad – hoofsaaklik op grond van die aard van die artikels, 'n toeganklike skryfstyl en die feit dat dit situasiegerig is. In hierdie opsig het die tydskrif sy eie nismark verwerf.
- 2.3 Artikels wat in hierdie Kerklike Tydskrif gepubliseer word, dek nie net meer aspekte wat die “tradisionele” vroulike rolbesetting belig nie. Bo en behalwe byvoorbeeld informatiewe artikels oor kinderopvoeding, ondersteunende barmhartigheidswerk, word ook soms skerp gefokus op veral die vrou se belewing van byvoorbeeld egskeiding, kinderloosheid, skenker-ouerskap, pendelhuwelike, kanker, vigs, ensomeer. Met hierdie tipe artikel word gepoog om feitelike inligting aan lesers deur te gee, maar die gevoelsmatige impak van sodanige belewenisse word ook baie spesifiek in die aanpak en invalshoek betrek. Die betrek van die gevoelsmatige sy van ons bestaansproblematiek is dikwels die plusfaktor van artikels wat in *Die Gereformeerde Vroueblad* geplaas word.

- 2.4 'n Baie breë spektrum artikelonderwerpe word gedek, maar daar word altyd gepoog om 'n dimensie in te sluit wat spesifiek vir die gelowige rigtinggewend kan wees. *Die Gereformeerde Vroueblad* plaas ook stemmings- en besinningsartikels. Hierdie tipe artikels het 'n "sagter" aanslag as feitelike en informatiewe artikels en het ook 'n gewaardeerde plek in ons tydskrif.
- 2.5 *Die Gereformeerde Vroueblad* poog om op 'n gebalanseerde wyse verslag te doen – ook oor kontensieuse sake. Teenoormekaarstaande standpunte kry dus in ons tydskrif publikasieruimte sodat lesers die geleentheid het om hul eie verantwoordelike standpunt te vorm. Daar word nie uitgegaan van die standpunt dat artikels wat in *Die Gereformeerde Vroueblad* gepubliseer word, die laaste en beslissende woord te sê het nie. Veel eerder is die mikpunt dat dit tot *nadenke* moet stimuleer.
- 2.6 Dat ook buite-instellings die joernalistieke gehalte en relevansie van *Die Gereformeerde Vroueblad*-artikels raaksien, word benadruk deur die feit dat daar reeds drie maal deur die toekenning van die CNW-prys erkenning gegee is aan artikels wat in *Die Gereformeerde Vroueblad* gepubliseer is: 1998 – Sielie Laubscher; 2000 – Mariana Venter; 2001 – Gerrit Coetzee

Besluit: Kennis geneem.

3. Die huidige werkwyse en prosessering van *Die Gereformeerde Vroueblad*

- 3.1 Die Redaksiekommissie wat verantwoordelik is vir die publikasie-gereedmaking en prosessering van die blad doen dit op 'n vrywilligersbasis en binne die beperkinge van persoonlike tyd. Vanaf 2006 sal die huidige Redakteur (indien sy weer benoem sou word!) meer voltyds daaraan kan werk, en die aanbeveling is dan ook dat wanneer daar aan 'n nuwe Redakteur gedink word, hierdie aspek deeglik in aanmerking geneem behoort te word.
- 3.2 Die tydsuitlet wat die hantering van *Die Gereformeerde Vroueblad* verg, is deesdae nogal haalbaar aangesien die Redakteur en Sekretaris alles elektronies kan behartig. Gelukkig beskik die Redakteur persoonlik oor al die nodige elektroniese middele soos 'n rekenaar, drukker, skandeerder vir illustrasie materiaal, kopieerder en faksimileergeriewe om die werk te vergemaklik. Die volledige kopie van elke *Vroueblad* word op CD aan die grafiese kunstenaar, en van haar op 'n finale CD aan die drukkers verskaf.
- 3.3 Die Redakteurspligte op hierdie stadium is steeds te omvattend om op 'n *ad hoc*-basis te hanteer. Redaksionele en redigeringswerk, proeflees en heelwat administratiewe pligte is meer as wat iemand op 'n tydelike basis kan behartig. Hopelik sal dit verander wanneer daar voltyds aan hierdie werk aandag gegee kan word.
- 3.4 Die nuwe persoon, me Karien Brink, wat tans die uitlegwerk van *Die Gereformeerde Vroueblad* behartig, is in 'n adviserende hoedanigheid ook aan die huidige redaksie verbonde. Sy doen die werk in haar eie tyd, word daarvoor vergoed en die Redaksie wens haar te bedank vir 'n wonderlike bydrae. Haar man, Roni Brink, verskaf die voorbladfoto's goedgunstiglik, en dit is van onskatbare waarde aangesien dit van uitstaande gehalte is.

Besluit: Kennis geneem.

4. Administrasie en Finansies

- 4.1 Die Redakteur het vanuit haar woning in Randburg gewerk, en al die administrasie is deur haar en die sekretaresse gedoen.
- 4.2 *Die Gereformeerde Vroueblad* word in sy geheel elektronies voorberei en op 'n

CD aan die grafiese kunstenaar en daarna aan die drukkers verskaf.

- 4.3 *Die Gereformeerde Vroueblad* is aanvanklik deur V&R Drukkers gedruk, maar sedert Julie 2004 is dit na die drukker Business Print Centre in Pretoria verskuif. Oor die algemeen is daar groot waardering vir die werk van die drukkers.
- 4.4 *Die Gereformeerde Vroueblad* is elektronies beskikbaar op die webwerf www.gksa.org.za
- 4.5 *Die Gereformeerde Vroueblad* se finansies is gesond omdat ons Bladbouers voortdurend skenkings maak om die tydskrif te ondersteun. Die vraag is egter gevra of hierdie geld (van die Bladbouers wat spesifiek vir die voortbestaan van *Die Gereformeerde Vroueblad* gegee word), aangewend mag word om die ander tydskrifte mee te subsidieer? Die voorstel is al gemaak dat hierdie geld in die geldmark belê behoort te word en die opbrengs daarvan aangewend kan word om die ander tydskrifte mee te ondersteun.
- 4.6 'n Bedrag van R25 000.00 is aan die Jeugdeputate geskenk om die publikasie van *Die Bondsode* te ondersteun.
- 4.7 Die intekenaretaf is nie na wense nie, 'n gegewe wat die inkomste uit intekengeld direk raak. Die relatief lae intekenaretaf is vir die Redaksie van *Die Gereformeerde Vroueblad*, net soos vir die van *Die Kerkblad*, 'n bron van kommer en daar word aanbeveel dat die Sinode indringend hieraan aandag gee. Elke Kerkraad kan byvoorbeeld oorweeg om 'n kolporteur in 'n gemeente aan te wys wat dan in die gemeente intekenare kan werf.

Besluit: Kennis geneem.

5. Aanbevelings

- 5.1 Die Sinode neem met dank daarvan kennis dat *Die Gereformeerde Vroueblad* gereeld maandeliks verskyn het.
- 5.2 Die Sinode spreek 'n besondere woord van dank uit teenoor me Karien Brink, ons grafiese kunstenaar, vir die uitnemende wyse waarop sy en haar man, Roni, ons fotograaf, die werk vir *Die Gereformeerde Vroueblad*, met groot toewyding en nougesetheid uitgevoer het.
- 5.3 Die Sinode gee indringend aandag aan en duidelike leiding oor die vraag hoe die intekenaretaf van *Die Gereformeerde Vroueblad* vermeerder kan word.
- 5.4 Die Sinode wys 'n hoofredakteur aan wat in samewerking met die (nuwe) Deputate vir Kerklike Tydskrifte 'n nuwe redaksie saamstel wat tot die volgende Sinode sal funksioneer.
- 5.5 Die vraag in 4.5 gestel, word verwys na die Bestuur van die Administratiewe Buro.

Besluit: (i) Goedgekeur.

(ii) Die Redakteur van *Die Kerkblad* onderneem, in samewerking met die Deputate vir Publikasies, asook die redaksies van die ander Kerklike Tydskrifte en in oorleg met die Bestuur van die Administratiewe Buro, 'n diepgaande en indringende ondersoek na die formaat van die voortbestaan van al ons Kerklike Tydskrifte. Vir die doel van hierdie ondersoek moet kundige lidmate vanuit die Kommunikasiebedryf betrek word.

23. Teologiese Skool

23.1 RAPPORT VAN DIE KURATORE TEOLOGIESE SKOOL POTCHEFSTROOM (Artt 170, 171, 207, 208, 215, 218, 236, 237, 242, 273)

- A. Dr CJ Smit stel die Rapport.
- B. Prof A le R du Plooy stel prof A Combrink, die Rektor van die Potchefstroomkampus van die Noordwes Universiteit, aan die Sinode voor.
- C. Prof Combrink lewer 'n groeteboodskap aan die Sinode.
- D. Dr HG Stoker spreek 'n dankwoord uit aan prof Combrink.
- E. Prof A le R du Plooy maak 'n kort mededeling oor die Ooreenkoms wat die Kuratore in opdrag van die Sinode met die Universiteit namens die GKSA aangegaan het.
- F. Dr CJ Smit rig 'n woord van dank aan prof Du Plooy en lig die Sinode in oor die agtergrond van die opstel van die Ooreenkoms.
- G. Prof JM Vorster spreek 'n groeteboodskap namens die Teologiese Skool Potchefstroom.
- H. Ds PJ van der Walt (Bethlehem) spreek 'n dankwoord uit.
- I. Prof JM Vorster oorhandig 'n boek getiteld *Die Messias het gekom – 'n Gids in die Evangelies vir toegewyde Bybelstudente* deur prof T van der Walt aan prof T van der Walt.
- J. Prof T van der Walt spreek 'n kort dankwoord.
- K. **Besluit:** Die Rapport word verwys na die Kommissie Teologiese Skool. Finansiële implikasies word verwys na die Kommissie Finansies.
- L. Ds PJ van der Walt (Witrivier) rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.
- M. Oudl IJ Lessing rapporteer namens die Kommissie Finansies.

N. RAPPORT

1. Opdrag

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente (*Prospektus van die Teologiese Skool van die GKSA Potchefstroom 1997: Hoofstuk 3*) (vgl *Acta 1988:400-403*).

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname deur die Sinode

2.1 *Die Kuratorium*

2.1.1 Breë Kuratore

Die konstituering van die Kuratorium het op 13 Januarie 2003 plaasgevind. Die Universiteit het 'n nuwe pos aan Fakulteit Teologie toegeken. Die Fakulteit het besluit om die Kuratore te versoek om die pos in Praktiese Teologie by wyse van beroeping te vul. Die Breë Kuratore het op 15 November 2004 'n beroepingsvergadering gehou en prof FW de Wet beroep.

Die Nasionale Sinode 2003 het van die Universiteit se projek van kapasiteitsbouposte kennis geneem. Prof TD Mashau is in November 2002